

HOOFSTUK V

DIE TWEEDE HELFTE VAN DIE AGTIENDE EEU

§52. *Algemene betekenis van die halfeeu.*

Ons kom nou by die m.i. interessantste periode in ons taalgeskiedenis. In hierdie halfeeu vind die groot verskuiwing plaas na die veeboerdery as die *belangrikste* beroep, deur die grootste deel van die blanke bevolking beoefen, en word die Afrikaanse volk oorwegend en bestendig 'n *binnelandse* volk wat hom meer bepaald op ekstensiewe boerdery toelê. Die bande met die hawestad en met Europa raak heel slap, eintlik omtrent los. Die stryd teen Boesman en Bantoe word fel en die verowering van die terrein op hulle deur die Boer-op-kommando in plaas van deur die beroepsoldaat van die Kompanjie wakker by hulle 'n gevoel van besitreg aan wat hulle inspireer om die owerheid nie meer blindelings te gehoorsaam nie; hulle selfbewussyn het so aangegroei dat hulle al eise stel en daarvoor die wapens opneem, hoe onbeholpe ook al. En hier word ook die *taal* nou heel duidelik *iets anders van struktuur*. Al die kenmerke van Afrikaans is nog nie aanwesig of oorheersend nie, maar, globaal gesien, is die kolonistetaal nie langer as Nederlands te bestempel nie. Dit is kenlik die Kaapse variant daarvan, Kaaps-Hollands, Plat-Hollands, Boere-Hollands of hoe ook al. Die faktore wat vir die verandering verantwoordelik is, kry nou die oorhand. Waarskynlik sou selfs algemene intensiewe onderwys dit nie meer kon keer nie.

§53. *'n Paar bronne.*

In hierdie halfeeu word ons deur buitelandse reisigers oor ons plante en diere goed ingelig. Die biologiese

studies neem juis nou 'n hoë vlug, gedeeltelik toe te skryf aan die stoot wat deur die Sweed Linnaeus (1707—1778) daaraan gegee is. Hy voer o.m. die begrip *soort* in en die dubbele naamgewing vir plante en diere (geslags- en soortnaam). Twee van sy leerlinge is Anders Sparrman (1757—1820) en Carel P. Thunberg (1743—1828); laasgenoemde het hom as professor in plantkunde te Upsala opgevolg. Sparrman arriveer aan die Kaap op 10 Jan. 1772, bly hier tot Nov. 1772, en na 'n reis om die wêreld met Cook, vertoef hy weer hier van Maart 1775 tot April 1776; dus was hy ongeveer twee jaar aan die Kaap. In 'n brief aan dr. J. R. Forster (*An account of a journey into Africa from the Cape of Good Hope*, gedateer Gottenburg, 16.9.1776) vertel hy aan sy vriend o.a. die volgende oor die lang ooswaartse tog van nege maande tot by Bruintjieshoogte: „Far from being so fortunate as Dr. Thunberg, who has added above a thousand species to the Flora Capensis, I found everything burnt up . . . (p 39) . . . On the other hand, I have been fortunate with animals, and especially in the class of quadrupeds On that route I penetrated farther into the country than any of my predecessors, having gone one hundred miles beyond the last Christian's or Dutchman's hut, into the district of the Yellow or (as they are vulgarly called) Chinese Hottentots” (p. 40). Die twee Swede vul mekaar dus mooi aan. In 1783 verskyn Sparrman se reisverhaal in Sweeds en is in verskeie ander tale oorgebring; die Engelse vertaling verskyn in 1875 as *A voyage to the Cape of Good Hope*, twee dele. Theal slaan Sparrman hoog aan en noem sy beskrywing „the most interesting and most trustworthy account of the Cape Colony and the various races of people then residing in it, that was published before the beginning of the present (t.w. die negentiende) century” (*History of South Africa. 1652—1795, II 376*).

Die Nederlandskundige Thunberg het van sy verskeie reise na die Kaapse binnelande gedurende sy driejarige verblyf alhier sedert 1772 'n beskrywing gegee in deel I en in die grootste helfte van deel II van sy vierdelige

Resa uti Europa, Africa, Asia (Upsala, 1788—1793), waarvan 'n Engelse uitgawe, die derde, in 1795 verskyn het (*Travels in Europe, Africa and Asia*, Londen). G. W. Reynolds (*The Aloes of South Africa*, Johannesburg, 1950) sê Thunberg, „is deservedly regarded as the father of South African Botany” (47). Hy maak van alles 'n noukeurige aantekening en so vorm sy beskrywings 'n wanordelike mengelmoes, maar al mis hy die heerlike styleienskappe van Sparrman, lewer sy ensiklopediese gegewens 'n uitstekende beeld.

Die feite deur die twee Sweedse geleerdes geboekstaaf, kan aangevul word uit die werk van verskeie ander natuurkundiges en reisigers, onder wie die volgende miskien die belangrikstes is: Francis Masson wat in 1772 aan die Kaap geland het en 2½ jaar lank plante vir die Kew-tuine versamel het en weer tien jaar lank van 1786 af (*Philosophical Transactions of the Royal Society of London*, dl. 64, afd. 1, 268-317 (1776) aangaande die eerste tydperk). W. Paterson skryf *A Narrative of four journeys into the country of the Hottentots and Caffraria in the years 1777-8-9* (Londen, 1789). 'n Belangrike Engelse reisiger is John Barrow wat die Kolonie in die jare 1797-8 deurkruis het en 'n goeie opmerker is maar so bevooroordeel teen die koloniste dat Gie van hom sê: „Met Barrow begin eintlik die lasterkampanje teen die Afrikaner wat meer as 'n eeu sal voortduur” (II 12). Die werk heet *Travels into the Interior of Southern Africa*, 2 dele (Londen, 1806). Lady Anne Barnard se briewe kan hierby geneem word, veral vir die maatskaplike toestande.

Drie Franse se werk verdien ook aandag: daar is die groot bekamper van Kolbe¹), nl. die ab N. L. de la Caille, 'n beroemde sterrekundige wat sy verslag noem *Journal*

¹) Theal: „From this date, at least, Kolbe ceased to be considered a standard author, which was an enormous gain to students of Cape History” (t.a.p. II 372). J. R. Forster (*Reise I 82*) deel egter mee: „Der Äbt la Caille wohnte am Cap unter einer Familie, die nicht zu denen gehörte welche es ehemals mit Kolben gehalten und ihm wohlgevolllt hatten. Er (la Caille) hörte ihn also herabsetzen . . . und schrieb getreulich alles nieder, um sich auf seine Kosten wichtig zu machen.”

historique de voyage fait au Cap de Bonne-Espérance (Parys, 1763). Ook by P. Sonnerat: *Voyage aux Indes Orientales et à la Chine* (Parys, 1782) is daar weinig te vind, daarteenoor heelwat, veral oor die volksgewoontes, by die lekker grootprater Francois le Vaillant, 'n vooraanstaande kenner van die voëllewe. Sy werk heet *Voyage dans l'Intérieur de l'Afrique, par le Cap de Bonne-Espérance, dans les années 1780—1785* (Parys, 1790), twee dele, gevolg deur 'n *Second Voyage . . . dans les années 1783—85* (Parys, 1796), ook in twee dele.

Van meer betekenis vir die taalkundige is die opmerkings van 'n Duitse natuurkundige, prof. J. R. Forster. Weens onenigheid met die betrokke Britse minister het Banks en Zoffanie vir Cook nie weer op sy tweede reis om die wêreld vergesel nie, soos op sy eerste reis, maar in hulle plek is die dienste van vader en seun aangewerf, J. R. en G. Forster. J. R. se *Reise um die Welt während den Jahren 1772 bis 1775* (Berlyn, 1784), 'n vertaling van sy reisberig uit Engels en aangevul deur sy seun, bevat goeie gegewens, soos ook sy *Descriptiones Animalium quae in itinere ad Maris Australis Terras per annos 1772, 1773 en 1774, uitgegee deur H. Lichtenstein* (Berlyn, 1844). Dit bevat 'n beskrywing van diere wat hy hier tydens sy kort verblyf van 31 Oktober tot 23 November 1772 kon bestudeer het. Die reisjoernale van twee Nederlanders kan ten slotte nog genoem word: J. S. Stavorinus: *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop naar Batavia . . . gedaan in die Jaaren 1768—1771* (Leiden, 1793) en Cornelius de Jong: *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop . . . in de jaren 1791 tot 1797* (Haarlem, 1802-3). Allamand en Klockner se kompilasiewerk: *Nieuwste en beknopte beschryving van de Kaap der Goede Hoop* (Amsterdam, 1778) kon ek net in die Franse uitgaaf raadpleeg, waarin die reisberig van Hop onverkort opgeneem is en daarby 'n aantal plate van diere, sowel as 'n beskrywing van rooihout en 'n Hottentotse geneesmiddel (*Nouvelle Description du Cap de Bonne-Espérance . . .*, Amsterdam, 1778).

Naas hierdie en nog ander ongenoemde berigte van

uitlanders, staan die verslae van Kompanjiesdienaars en koloniste. Ook hiervan noem ek 'n paar van die belangrikstes. Om meer aangaande die land ten Ooste van Mosselbaai te wete te kom, het Ryk Tulbagh in 1752 'n landtog uitgerus en onder die leiding van vaandrig August Beutler gestel. Omdat hulle aan die plante en diere ook besonderlik aandag moes skenk, het 'n onge-noemde botanikus meegegaan. Die *Journal* is gehou deur Carel Albregt Haupt en is o.a. afgedruk deur Theal in sy *Belangrijke Historische Dokumenten*, deel II (Kaapstad, 1896) en deur dr. E. C. Godée Molsbergen in *Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandsche Tijd*, deel III (Den Haag, 1922), bl. 265 e.v.

Ook noordwaarts is landtogte onderneem en Jacobus Coetsé Jansz., die eerste persoon van wie ons weet dat hy die Oranjerivier oorgesteek het (1760), het aan Ryk Tulbagh hiervan mededeling gedoen (VRV XV (1935) 276 e.v.), op grond waarvan die belangstelling sodanig was dat die goewerneur aan die boer en sakeman kaptein Hendrik Hop van Stellenbosch en sy metgeselle verlof gegee het om 'n tog na Groot-Namakwaland te onderneem in 1761-2, op watter reis die Kompanjiestuinier Auge en die landmeter en kaartemaker C. F. Brink van die Kompanjie vir Hop vergesel het. Die *Dagregister* van die tog is gehou deur Brink en is dikwels oorgedruk, o.a. deur Allamand en Klockner (kyk hierbo) en deur dr. E. E. Mossop: *Journals of Brink and Rbenius* (VRV XXVIII (1947)). Van belang is nog die landreis van goewerneur Van Plettenberg (*Reizen in Zuid-Afrika* II 61-78; IV 39-62) en die berig van Willem van Reenen (VRV XV 292 e.v.).

In meer as een opsig besonder belangwekkend is die *Berigt* van Hendrik Jacob Wikar. Hy is die eerste persoon wat ons by naam ken wat langs die Oranjerivier op gereis het. Sy relaas het betrekking op die tyd van sy omswerwinge langs die benedeloop van die Grootrivier. Hy was vier en 'n half jaar weg uit die Kaap (1775—1779), en 'n aansienlike gedeelte hiervan het hy hom onder die Hottentotte in hierdie streke bevind, maar

die droster het moeg geword om langer as 'n voortvlug-tige buite die kring van die blanke beskawing te bly. Om dit makliker te maak om hom weer in genade te laat aanneem, het hy vir die Goewerneur 'n verslag opgestel om hom in te lig aangaande die inboorlingstamme in daardie buurt, hulle leefwyse en gebruike. Sy taal is lank nie meer suiwer Nederlands nie. Die *Berigt* verskyn as deel 15 van die Van Riebeeck-Vereniging (1935), alwaar ook 'n artikel van prof. J. L. M. Franken: „Aantekeninge oor die Taal van Wikar se Joernaal” (bl. 239-275). In 1938 het J. A. Hofmeyr 'n M.A.-skripsie aan die Universiteit van Kaapstad onder die volgende titel aangebied: *Die toestand van Afrikaans in 1779 na aanleiding van Wikar se Dagverhaal*.

Die een moeilikheid waarmee ons te kampe het, is die gebrek aan geskifte wat regstreeks die taal van die burgerlike bevolking weerspieël. Omdat Wikar se taal as 'n aanduiding hiervan beskou is, is veel daarvan gemaak. Intussen het mnr. L. C. van Oordt die veldwag-terbriewe en ander boerestukke van tussen 1750—1800 begin uitgee vir sover hulle t.o.v. Afrikaans taalkundig van belang mag wees (*Die Kaapse Taalargief*, nrs 1-4 (Nov. 1947 — Des. 1948) en dit vervolg in die *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* (Nuwe reeks X, afl. 1, bl. 65 e.v.), nou weer met byhaling van briewe wat van ander as net veldwagmeesters afkomstig is. Dit is tot dusver die beste benadering van die spreektaal wat ons het en behoort deeglik beskryf en na waarde bepaal te word. Uit 1795 is nog 'n „lied” gedig waarmee die sanger beoog het om sowel met die moed as met die taalgebruik van die Swellendammers en plattelandse burgers die draak te steek. Die *Lied ter eere van de Swellendamsche en diverse andere helden bij de bloedige actie aan Muizenburg in dato 7 Aug. 1795* is o.a. oorgedruk in J. L. M. Franken: *Duminy-Dagboeke VRV XIX* (1938) en G. S. Nienaber: *Afrikaans tot 1860* (Johannesburg, 1942).

§54. *Enige hoogtepunte uit die geskiedenis.*

Byna 30 jaar van hierdie periode val nog in wat Gie

genoem het die tyd van „rustige arbeid en stille uitbreiding.” Die geskiedenis neem sy kalme verloop vir sover dit op die struktuur van die samelewing betrekking het. Dit is die tydperk van konsolidasie van die Kaapse maatskaplike orde, van verstewiging van die rigtings wat in die ontstaan van eie lewensvorme ingeslaan is.

Daar is nog die drie kringe, nou net skerper omlyn en meer gedistansieer: (a) dié van die stedelinge in Kaapstad, en in heel geringe mate, dié van die dorpenaars; (b) die van die „Bolanders,” hoofsaaklik landbouers van beroep (graan, wyn, vrugte en moeskruid); en (c) dié van die veeboere wat die landsgrense met 'n vaart bly vooruitskuif. Die hoofgebeurtenisse raak die onderskeie kringe op verskillende maniere; terwyl dit op die een groep beslissend inwerk, laat dit 'n ander haas onberoer. Die aanwesigheid van Franse troepe (1781-4) in Kaapstad het daar 'n hele ommekeer bewerkstellig, maar oorkant die berge was daar niks van te merk nie, en die Engelse besetting van 1795 af het die sosiale orde van die binne-landers in hierdie tydvak ook nie aangetas nie; op die Kaapse samelewing het dit al sy stempel begin afdruk. Daarteenoor het die voorposbewoners se stryd teen die Boesmans en die Bantoe in die Kaapse stedelike samelewing geen merkbare rimpelings veroorsaak nie. Dit is dus die beste om weer by elkeen van die kringe afsonderlik stil te staan en te kyk hoedanig die toestande was wat op die taal vormend en veranderend van uitwerking was.

§55. *Die taalkring van Kaapstad.*

Die stryd van die Franse en die Engelse om die opperheerskappy in Indië het die Kaap vir hulle albei as verversingspos van die allergrootste belang gemaak. Hier het hulle vloot- en leërmagte eers kon uitrus en aansterk. Kaapstad (dié naam word in Tulbagh se tyd gebruiklik, volgens Walker (ald. bl. 85)) het destyds as rus- en hersteloord gunstig bekend gestaan, waaroor reisigers soms liries geraak het — en oor die pryse sinies. Die oorfloed aan kos en die sagte klimaat laat George Anson (*A voyage round the world . . .* Londen,

1748) byvoorbeeld sê: „So that by these and by the excellent water which abounds there, this settlement is the best provided of any in the known world, for the refreshment of seamen after long voyages . . .” (416).

Die ingesetenes van die hawestad en die Boland het van hierdie omstandighede afhanklik geword. Toe die sewejarige oorlog uitbreek en die Engelse en Franse skepe ons kuste aanvanklik vermy het (in 1756 was daar slegs 9 vreemde skepe, in 1757 net 2), het 'n groot ekonomiese insinking plaasgevind, maar toe hulle van 1759 af weer begin om in Tafelbaai anker te werp, het die pryse van landbouprodukte die hoogte ingeskiet en moes die owerhede beskermingsmaatreëls tref.

Die besoekende skepe was van altyd af gewoonlik Nederlands. Hoewel die verhouding tussen Nederlandse en ander skepe gedurig gewissel het, was daar aan die Kaap gedurende die agtiende eeu in 'n jaar al meer as 10 skepe onder Nederlandse vlag vir elke vreemde skip, bv. in 1727 (77 teenoor 6); maar die gewone verhouding was so tussen 5 en 4 Nederlandse skepe vir elke vreemdeling. In die laaste kwart van die agtiende eeu kom daar egter 'n grondige verandering; nou word die vreemdelingeverkeer vir die eerste keer werklik belangrik.

In Bylaag G tot sy *Die Kaapse Patriotte* (bl. 237-9) gee dr. C. Beyers die jaarlikse amptelike statistiek van die skeepsverkeer aan die Kaap van 1700—1793, soos dit hier opgemaak en aan Here XVII gestuur is. Daaruit blyk die volgende: van 1750-9 was 80% van die skepe wat die Kaap aangedoen het, Nederlands; gedurende die volgende tien jaar was dit 75%, d.w.s. van 1750 tot 1770 was die verhouding die normale. In 1770 self het dit darem gedaal tot 66.6%, in 1771 tot 50% en daarna tot onder die helfte. So is 1770 die allerlaaste jaar dat Nederlandse skepe hier in die meerderheid was. Van 1780-9 het hulle alleen 33% uitgemaak, van 1790-3 37%. Onder die buitelandse moondhede het die Engelse en Franse so ongeveer kop aan kop geloop behalwe gedurende die dekade 1780-9, toe hier 423 Franse skepe teenoor 155 Engelse was. Van die volgende dekade af sal die

Engelse konstant voorloop. Die Portugese vlag is by hoogste uitsondering gesien, die Deense jaar vir jaar.

Die inwoners van die Skiereiland het die grootste belang by hierdie skeepsbesoeke gehad. Dit vorm die ekonomiese onderlaag van die samelewing, deurdat daar nie net regstreeks, ditsy openlik, ditsy skelmpies, met die vlotelinge handel gedryf is nie, maar die inwoners langs Tafelbaai en Valsbaai het ook losies aan die besoekers verskaf en so met hulle vir 'n paar weke in noue aanraking gekom. „The Cape may with propriety be stiled an inn for travellers to and from the East Indies,” beweer Thunberg (I 228); volgens Forster (*Reise* I 61) is dit slegs die lede van die Politieke Raad wat nie kamers verhuur en „vertering” verskaf nie.

Die ingesetenes het hulle bes gedoen om die reisigers tuis te maak, en waar hulle vreemdelinge was, ook daar toegewings te maak. Van 1770 af verneem ons dikwels die een en ander hieroor, so by F. L. Langstedt (*Reisen nach Südamerika, Asien und Afrika*, Hildesheim, 1789, bl. 385), wat van die burgers vermeld: „Sie verstehen und sprechen etwas Englisch, Portugiesisch, Spanisch und Französisch, weil sie mit Leuten von diesen Nationen oft umgehen müssen,” andersins is die hooftale Maleis, Hollands, en onder die Duitsers Hoogduits (390). Dit klop goed met wat Wallenberg ons oor 1770 meedeel, net in duideliker rangorde. „The better sort (hy praat alleen oor die inwoners van Kaapstad en Simonstad) speak French, some few English. The principal languages are Dutch and German” (*Kwartaalblad v.d. S.A. Biblioteek*, Des. 1947, bl. 46.)

Met die oog op die toestande teen die einde van 1772 merk Forster (*Reise* I 76) op: „Französisch, Englisch, Portugiesisch und Malayisch wird hier häufig gesprochen und viele Frauenzimmer wissen alle diese Sprachen.” Die dames het die kennis ongetwyfeld deur omgang met die loserende skepelinge opgedoen, want Forster verseker ons dat dit nie nodig geag is dat dogters moes skoolgaan nie, „die Erziehung der Töchter aber ist fast ganz vernachlässigt.”

Daar het dus tipiese geleentheidstale deur die omgang met vreemdes opgekom, maar dit het nie veel beteken nie. Sonder 'n kennis van Nederlands was iemand wat die land wou sien, baie gou verlore, soos bv. Sparrman uitgevind het (I 14, 16 e.v.), en Thunberg vermeld in 'n ander verband dat o.a. ten opsigte van die landstaal „which strangers do not always understand, every nation whose ships anchor here, is obliged to have a commissary or broker” (I 299).

Daarby is die eintlike vreemdelingebesoek tot 'n paar maande in sy volle krag beperk. „The first four months of the year are the most busy at the Cape, when the Dutch ships, as well as those that belong to foreign nations, return from the East Indies, and others arrive from Europe; so that there are, at this time of the year, about twenty or thirty ships in the road” (II 117).

Gedurende hierdie tyd sou die vreemdelinge hulle die meeste laat geld het, en dan is hulle in Kaapstad ontvang. In die orige gedeelte van die jaar was die verkeer halfhartig en gedurende die sogenoemde kwade moesson (Mei tot middel Augustus) het die skepe in Valsbaai skuiling gesoek, en daarom is aan reisigers veral in Simonstad en omgewing teen betaling onderdak verstrek. Wanneer die gunstige tyd weer aanbreek, het hierdie losiesverskaffers weer na die hoofstad verskuif waar hulle eintlike setel was (Langstedt 385). Kaapstad was dan die eintlike haard van die soort vreemde invloed, en dit was in tyd (die eerste vier maande) en nog meer in geldigheid beperk.

In die jare wat op 1780 gevolg het, het hierdie invloed enigszins dieper geword. In die oorlog teen Engeland is Nederland gedwing om hom aan Franse sy te skaar (1780-4), en toe Johnstone 'n vlootmag lei om op die strategies so belangrike Kaap beslag te lê, is hy hierin verhinder deur De Suffren wat die Kaap in Junie 1781 bereik het. Byna drie jaar lank sal die Franse die Kaap prakties beset. Die Franse het hier toe nie 'n goeie naam gehad nie en die besettingsmag was eers blykbaar baie ongewild. Dit was juis die tyd toe Le Vaillant hier

aangekom het en hy vertel vir ons: „Of all nations, the French are the least esteemed; the citizens, above all, cannot endure them . . .” (I 27 van eerste reis). Die beroemde Sweedse skrywer Jacob Wallenberg, aan die Kaap in 1770, lig die sluier oor hierdie houding. „The French, indeed, stink in their nostrils pretty much, by reason of their irresponsible escapades with the women, and the Danes too have left behind them a multitude of unsavoury histories . . .” (*Quarterly Bulletin of the South African Library*, dl. II, nr. 2 (Des. 1947), bl. 44).

Dié houding het egter met nadere kennismaking gou verdwyn. Die groot aantal troepe en die welvaart wat hulle meegebring het, het ook die sosiale en kulturele lewe aangetas. Hulle het Kaapstad in 'n Klein Parys verander; danspartye en opvoerings was aan die orde van die dag en aan uiterlike praal het die ryk burgers hulle oorgegee: sierlike wonings in Kaaps-Hollandse gewelstyl het verrys, die meubels, glaswerk en porseleinware was kosbaar, die vroue was uiters modieus geklee, die slawe op die bok van die swierige koetse was in livrei, ens. Al meer en meer neem die mode toe om Frans te leer en Franse taalonderwysers was in aanvraag. Na die vertrek van die laaste Franse regiment (Pondicherry) in 1784 het die plesiersug en weelderigheid bly voortduur, sodat De Mist hom in 1801 as volg daaroor uitgelaat het: „Het lang verblyf der fransche Vlootelingen, in den oorlog van 1781-4, en der vreemde Regementen, aldaar in bezetting, heeft de geheele wyze van leven aldaar verbasterd, en de luxe, en zucht tot onafgebrooken divertissemerten in top doen stygen . . . Men zal jaaren werk hebben, eer men de Caabenaars, weder *Nederlanders* kan maaken, en zonder de wedergeboorte van eene nationaalengeest, en smaak tot voorkeur van nationaale zeden, gewoonte, klederdragt, manufactuuren, enz., enz.,; durft men zich van alle politieke veranderingen, weinig goeds belooven” (VRV III 47-8).

De Mist verwys na vreemde regimente. Nederland was bevrees dat daar weer 'n aanslag op die Kaap gemaak mag word, om watter rede daar na die vrede van 1784

'n garnisoen van 'n 2,000 man aangehou is, meestal Switsers en Duitsers, voortsetters van die gees deur die Franse gebring. Goewerneur De Graaff is in 1785 uitgestuur om die vestingwerke te versterk; hy het egter deur sy spandabelrigheid die bankrotskap van die Kompanjie in die hand gewerk en die burgers 'n slegte voorbeeld gestel. In 1794 word Nederland verower. Die nuwe Bataafse Republiek neem die oorsese besittings van die bankrot N.O.I.K. oor en die Kaap word so 'n wingewes. Deur die bemoeiinge van die onttroonde en gevlugte Prins van Oranje en met behulp van die Oranjegesindes aan die Kaap word die gebied in 1795 deur die Engelse beset.

Deur ontvangste en gesellighede, o.a. onder die bekwame leiding van lady Anne Barnard, en deur sport, vernaamlik perdereisies, is hard geprobeer om die welwillendheid van die Kaapstadse burgery te wen. Danse, onthale en opvoerings is onder die Engelse bestuur voortgesit, toe hier in die vyf jaar 'n garnisoen van 5,000 gevestig was. Dit alles het nie heeltemal sonder uitwerking gebly nie, soos ons telkens verneem. *Gleanings in Africa* (Londen, 1806), bevat 'n klompie briewe van 'n ongenoemde Britse offisier uit die eerste besettingstyd, en daarin lees ons onder meer: „English manners begin more and more to prevail (in Cape Town); but it seems the peculiar province of the fair sex to copy after the fashions of our country” (p. 26). „A knowledge of the English language is not amongst the least acquirements of the fair sex at the Cape. Several of them speak it with fluency and correctness of pronunciations” (p. 260). Dit is seker juis om te beweer dat Engels onder die vreemde tale nou 'n plek bokant Frans begin opeis.

Die invloed was egter in die vyf jaar van tydelike besetting gedurende die 18de eeu noodwendig baie vlak en daarby beperk tot sekere kringe in Kaapstad; vgl. Anne Barnard *South Africa a century ago*, 2e druk bl. 8, 27, 32, e.v.). Die huistaal van die inwoners kon dit bepaald nog nie aangetas het nie, hoewel die grondslag

daarvoor gelê word en spoedig tot 'n nuwe ontwikkeling sal lei.

Noudat ons op die vlottende invloede van tot nog toe eintlik tydelike aard gelet het (vreemdelinge en besettingsmagte), kom ons by die meer permanente kragte. Die rol van die slawe en Duitsers kom later in 'n breër verband ter sprake, en dan sal blyk dat die slawe die digste in hierdie taalkring saamgetrek is.

Die Duitsers bly nog die grootste en ook assimileerbaarste vreemde element, sodat hulle as redelik goeie taalbehouers aan te sien is. In meerdere of mindere mate het ons hier taalkundige ontbindingsfaktore, faktore dus wat wysigend op die taalgebruik van die gevestigde inwoners van die hoofplaas *kan* inwerk of kon ingewerk het. Daarteenoor staan die behoudende elemente waarop ons kortliks wil let.

Die Britse besetting het nog 'n allerbelangrike negatiewe aspek. Van 1795 af het dit, voorlopig altans, die politieke, kulturele en ekonomiese bande met Nederland deurgesknipt en toe het regstreekse kontak met die vaderland van die heersende groep opgehou om te bestaan. Geen nuwe immigrante of hoë ampsdraers of vaderlandse vlotelinge en troepemagte het meer uit Patria gekom nie; so moes ook hulle morele steun ontbeer word. Dit geld egter slegs van die laaste vyf jaar van die agtiende eeu, en in hierdie kort tydjie het die hoop op herstel bly lewe.

Prakties dan was Kaapstad die hele agtiende eeu aan Nederland gebind, was dit 'n soort van voorpos van Nederland, vandaar uit bestuur en kultureel gevoed. Op een uitsondering na het alle goewerneurs daarvandaan gekom, haas alle hoogste en hoë amptenare en die meeste minderes. Die garnisoen is daar aangewerf, geoefen en hierheen gestuur. Hulle het geen geringe aantal bedra nie. Dr. H. P. Cruse (*Die opbeffing van die Kleurlingbevolking*) het 'n tabel hieroor uit Leibbrandt se *Précis* saamgestel, waaraan 'n paar syfers ontleen word (bl. 203). Teenoor 'n totale burgerlike bevolking van 4932 was daar in 1750 1067 amptenare en lede van die

garnisoen (18% van die totaal), in 1760 6,283 en 1,375 (18%) onderskeidelik, in 1770 8,027 en 1,695 (18%), in 1780 10,537 en 1,656 (14%), in 1786 11,838 en 2,144 (15%). Maar die garnisoen en amptenare was hoofsaaklik in Kaapstad saamgetrek, en stel ons hulle teenoor die blanke bevolking van selfs die *bele* Kaap-distrik, dan vorm hulle by die 40% van die blankes daar. Al verminder ons die persentasies 'n paar keer op grond van die feit dat so veel van die garnisoen uit huurtroepe bestaan het, dan moet daar tog nog 'n aansienlike aantal Nederlanders oorbly. Hulle was almal taalbehoudende kragte, in die koloniale maatskappy hoog in tel. Dit het reeds geblyk hoedat die bevolking geïmponeer word deur die leefwyse en gewoontes van vreemdes wat in die geleentheid was om die toon aan te gee; hoeveel te meer sou dit nie die geval gewees het as daardie toonaangewers die leefwyse en gewoontes en taal verteenwoordig het waarmee die burgers hulle in volle geneentheid vereenselwig het nie. Die invloed van die amptenaarskringe in die hoofstad van dié dae mag nie gering geskat word nie. Die besoek van die Nederlandse skepe, tot 1770 driekwart van die totaal, sal in die verband van taalbehoud ook wel van belang gewees het.

Die rol van die skool moet nog onthou word. Forster oordryf waarskynlik as hy, sprekende van 1772, sê: „die Söhne werden *gemeiniglich* nach Holland geschickt” (*Reise* I 76), maar dit is waar dat die bemiddeldes dit dikwels gedoen het. Kaapstad was op stuk van onderwys ver bo ander plekke bevoorreg. In 1753 was daar ses skole, in 1779 agt, een daarvan met 136 kinders op die rol (Du Toit: *Onderwys in Kaapland*, bl. 26). Daar was voor die Britse besetting aan hoër inrigtings 'n Latynse skool (1793), 'n ruk lank 'n militêre skool (1786 gestig), Ziegler se private Franse skool, en daarnaas die gewone laerskole, twee kerkskole, een daarvan vir die Lutherse gemeente, benewens verskeie private skole (Du Toit, 39-44). Hand aan hand hiermee gaan die behoudende invloed van die kerk t.o.v. van die taal. Die Hollandse gemeente het drie predikante en 'n sieketrooster gehad,

die Lutherse kerk een predikant (hy moes in Nederlands preek.)

Wil ons *in algemene terme* die graad van suiwerheid probeer vasstel, dan kan ons dit miskien so saamvat: Die verbrokkelende kragte was die oppervlakkige invloed van die vlottende vreemdelingegemeenskappe en die intiemer invloed van die kromtaalvorpe van die slawe en die vryburger-vreemdelinge; laasgenoemde was byna geheelenal die assimileerbare Duitsers en Switsers. Daarteenoor staan die behoudende kragte, in Kaapstad seker die sterkste. Die toestand hier het in wese wel nie te veel verskil van dié in die ander „koloniale” kern- of hoofstede van die Kompanjie t.o.v. die taal van die blanke heersers nie, en daar het Nederlands hom as taal van die blankes, na dit skyn, gehandhaaf. Dit is daarom moeilik om te sien hoekom die inwoners van Kaapstad nie ook nog redelik goeie Nederlands teen 1800 sou bly praat het nie, toegegee dat hulle taal sterk Kaaps getint moes gewees het.

Dit kan skerper geformuleer word deur die groepe beter te onderskei. Die hoë amptenare en ander regstreeks uit Nederland afkomstig en die burgers wat daar hulle opvoeding ontvang het, sou wel „suiwer” gepraat het. Dit sal ook waar wees van baie vooraanstaande ingesetenes; party, soos die Van Reenens, Cloetes, Van Rynevelds e.a. het immers 'n keurige Nederlands geskryf. Watter persentasie van die blanke bevolking hierdie bevoorregte stedelinge uitgemaak het, kan ons ongelukkig nie eers raai nie, al het hulle 'n aansienlike kern gevorm.

Dan is daar die „middelklas,” die gewone ingesetenes wat die „inheemse” tradisie voortgeplant en gehandhaaf het. Miskien is die taal wat Johanna Nöthling, vrou van ridder Duminy, in haar dagboekies van 1797 gebesig het, daar 'n goeie refleks van (VRV XIX). Sy is in Kaapstad gebore en het in 'n goeie burgerhuis groot geword. Haar taal het sekere afwykinge waarvan die vernaamste die volgende is. (a). Die onsydige genus het besonder swaar gely en het byna heeltemal verdwyn; *de* en *die* het taamlik algemeen die plek daarvan ingeneem.

Dieselfde neiging openbaar hom ook by *onze vir ons*, hoewel minder konsekwent, en by die attributiewe adjektiewe. (b). Die finiete werkwoord het, afgesien van stereotiepe wendinge, in die reël die meervouds-uitgang afgeskud. Aan die ander kant is die ablaout in volle bloei en word die imperfektum deurgaans soos in Nederlands aangewend. In hoofsaak wek haar taalgebruik nog die indruk van 'n Nederlands wat met 'n bietjie moeite op die goeie weg teruggelei kan word, anders dus as in die geval van die taal van die binnelanders, soos straks sal blyk. Die verskil lê in die graad en in die rekbaarheid. Die afwykings in mevr. Duminy se taal is nog nie besonder groot of ingrypend nie en sy gebruik essensieel nog Nederlands.

Hierby kan ons verwys na die geval van C. H. Persoon, 'n Kaapse burgerseun (J. L. M. Franken: *Uit die lewe van 'n beroemde Afrikaner, Christiaan Hendrik Persoon, Kaapstad, 1937*). Sy vader was 'n Duitser, sy moeder 'n Afrikaner, en hy het in Kaapstad opgegroeï totdat hy op twaalfjarige ouderdom na Nederland gestuur is. In Amsterdam was hy tuis by die familie Vrolik deur wie hy, volgens sy eie woorde in 'n brief van 1775 aan sy vader en susters, „rykelyk geplaagt wort van myn Caaps krom spreekende so dat ik nu al goed hollands leer spreekende” (ald. 44). Dat 'n Kapenaar uit burgerkringe vir 'n Nederlander so „krom” praat dat dit tot goedige plaery aanleiding gee, kan ons goed begryp met mevr. Duminy se taalgebruik voor ons, tog help dit ons weinig aangaande die hoofsaak: die graad van afwyking. Alles tesaam geneem, kom dit my voor dat dit in Kaapstad self nie so groot was dat dit onder gunstiger omstandighede (soos met intensiewe onderwys) nie betreklik maklik herstelbaar was nie. Word die omstandighede egter nog ongunstiger (bv. as die bande met Nederland geknip word), dan sal die ontwikkelinge, teoreties gesien, vaart kan kry.

§56. *Die taalkring van die landbouers.*

Die kolonisasie van die „Weste” wat reeds onder die

Van der Stels vaste vorm aangeneem het, het ook in hierdie eeu verder gekonsolideer geraak. Hier is nog lank voor die afsluiting van die eeu plase te vind, eiendomsplase (nie leningsplase nie!), waarop al oor 'n honderd jaar lank geboer is, sodat daar al die vrug op die arbeid van oor die drie geslagte gesien kon word. Dit het besitterstrots aangewakker, die eenaar grondvas gemaak en 'n waardering vir tradisie laat ontstaan.

Die vernaamste bedryf hier was die landbou. Die landbou het hom nie veel verder as die Boland en Swartland kon uitstrek nie, omdat die afstande en die swak paaie bemoeilik het. So het die poging om graan by Mosselbaai te verbou, wel geluk, maar dit moes prysgegee word omdat dit nie oor land of oor see voordelig na die mark vervoer kon word nie.

Ondanks al die raak- en snypunte het die landbouers teenoor die hoofstedelinge apart gestaan. Walker (87) noem die Kaapse Vlakte „a great divider,” sowel in geografiese sin (dit het vyf uur gevat om per kar daardeur te kom) as in geestelike sin. Die landbouer het nou meestal ongraag na Kaapstad gegaan. Hier is hy maklik voorgekeer vir sy belastings en tiendes, en hier was dit 'n stryd om sy produkte van die hand te sit terwyl die Kompanjie se amptenare hindernisse van allerlei aard in die weg lê — vryhandel het nie bestaan nie! Waar „slimmigheid” te pas gebring moes word, het die landbouer gewoonlik aan die kortste ent getrek.

Die landbouer moes hom noodwendig op intensiewe boerdery toelê; baie hande was nodig en so het die boere van slawehulp afhanklik geword. Tagtig persent van die slawe was in hierdie tyd saamgetrek in Kaapstad en die Boland. Daar was loon op die arbeid en oor die algemeen was die Bolanders en Swartlanders welvarend. Ruim, sterk, aristokratiese huise is dikwels gebou, sierlik gegewel in die Kaaps-Hollandse styl en voorsien van pronkerige, stewige meubels uit eie houtsoorte vervaardig. Orals was die tekens dat hierdie patriargale landboubevolking gevestig was. In essensie sal dit so voortduur; alleen sal die boerdery intensiewer word en die bevolktheid

digter. Die beskikbare bouland is teen 1750 grootliks klaar in beslag geneem of het eienaars. Onder die Hollands-Romeinse erfreg kan die eiendomsplase aan die kinders bemaak en ooreenkomstig opgesny word: die verdigting van die bevolking geskied hoofsaaklik op hierdie wyse en *nie* soseer deur die opname van nuwe boere van elders vandaan nie. Op hierdie wyse word hierdie taalkring van die drie die geslotenste. Verbrokelede invloed van vreemdelinge was klaarblyklik gering, en waarskynlik ook versterkende invloed van nuwe Nederlandse intrekkers. Waarskynlik was slawetale en kindertaal die vernaamste buitengewone taalinvloede. Die behoudende kragte was die kerk, skool en die uitwerking wat die gevoel van verbondenheid met die vaderlandse gewoontes gehad het.

Kerk- en skoolinvloed kon ewenwel nie so sterk gewees het as in Kaapstad nie. Behalwe die privaatonderwysers wat deur „ligting ofte volkleening” uit die diens van die Kompanjie vrygestel is om op die plase meester te speel, nie altyd op waardige wyse nie (Barrow), was daar skole op die „dorpe.” Stellenbosch was in alle opsigte na Kaapstad die belangrikste sentrum in die hele Kolonie. Teen 1800 het dit onder sy skaduryke eike sowat 70 woonhuise gehad en ’n duisend inwoners getel. „Franschhoek was nog geen dorp nie, maar slegs ’n digbewoonde buurt. Die Paarl, daarenteen, waar omtrent dertig plase en erwe in die omgewing van die kerk aaneengeskakel langs die een lang straat gelê het, kon reeds as sulks deurgaen. By Swartlandskerk was ’n paar huisies, en by die Warmbad (Caledon) ’n paar huurkamers.. (en ’n) dosyn wonings en winkels rondom Rodesandskerk” (Gie II 15). Vir die kinders van die wyn- en graanboere, versprei op hulle plase, kon die dorpskole op Stellenbosch, Drakenstein, Roodesand en Swartland nie te veel betekenis gehad het nie. Die huisvader het dikwels self die nodige leeskenis bygebring.

Hoe die Nederlands van hierdie landbouersgesinne daar uitgesien het, kan beswaarlik aangegee word. Dokumentasie ten opsigte van die gehalte van hulle

Nederlands besit ek nog nie. Dit sal seker juis wees om te meen dat dit teen 1800 minder „korrek” en ryk was as die Nederlands van die hoofstedelinge, en ook meer Kaaps, om ’n weinigseggende term te gebruik. Nader kan ek my tans nie hieroor uitspreek nie.

§57. *Die taalkring van die veeboere en plattelanders.*

In skerp teenstelling met die akkerbou (op klein plasies, in groepnedersettings langs waterryke boulande, intensief bearbei, met nabygeleë markte, die eienaars grondvas) staan die veeboerdery wat ’n selfstandige en ekonomies aantreklike beroep geword het. Hier word ekstensief geboer; om voldoende weiding vir die groot kuddes klein- en horingvee en troppe perde te hê, moes die plase wyd uitgestrek wees, was hulle so ver van mekaar geleë dat die bure mekaar se skoorstene nie kon sien rook nie; elke gesin vorm hier ’n aparte eenheid, naastenby selfversorgend t.o.v. die weinige behoeftes aan beskawingsgoedere. Elke boer was soos ’n koning in die klein, beklee met byna onbepaalde gesag in ’n landgebied waar die owerheid nie met die uitbreidingstempo tred kon hou nie en die gesinshoof vanself die verantwoordelikheid vir liggaamlike en geestelike heil van sy afhanklikes moes dra. Die leningsplaas was nie testamentêr onderverdeelbaar nie, maar omdat nuwe plase net maar aangevra kon word, verskuif die grense verrassend snel vorentoe. Die veeboer, miskien ook romanties gelok deur wat anderkant die kimlyn mag lê, is selde erg geheg aan sy grond, en ’n half-nomadiese trekkertipe ontstaan („die wapad is my woning”). Hierdie boer, ’n egte individualis, is tegelyk ook jagter en soldaat; teen wilde diere en vyande moet hy optree. So word hy die temmer van die woeste land, die ware draer van die beskawing die binneland in.

Op dié grondpatroon is in ’n vorige paragraaf gelet: dit bly dieselfde. Alleen wil ons ’n paar in taalopsig moontlik belangrike aspekte met voorbeelde uit hierdie tydvak probeer belig.

Hierdie taalkring is die een wat numeriek en geografies die snelste uitgebrei het. Dink ons net aan die totale

burgerlike bevolking van die halfeeu onder beskouing (vgl. Beyers 245-9), en kies ons vir doeleindes van vergelyking die jare 1753, 1773 en 1793 (dr. Beyers se syfers gaan net tot 1793), dan het Kaap-distrik uit die totaal 44%, 34%, en 30% onderskeidelik vir die drie tydstippe, en Swellendam (sedert 1785 met insluiting van Graaff-Reinet) 13%, 21% en 36% resp. vir dieselfde jare. Die betekenis van Kaapstad en distrik as woonplek van die blanke koloniste neem dus snel af, dié van die suiwere platteland daarteenoor neem sprongsgewyse toe. In 1793 bv. is daar heelwat meer burgerlikes in die Swellendam- en Graaff-Reinet-distrikte as in die Kaap-distrik.

Wat van Stellenbosch en Drakenstein? Drakenstein is later (van 1788 af) by Stellenbosch ingesluit en toe het verder binne hierdie distrik, die grootste, geval Swartland, die Hantam, die Roggeveld, die Koup, Worcester en Caledon van vandag (Gie II 14). Die bevolking word nie onder die beroepe opgegee nie, slegs onder die distrikte („colonies” genoem), en as ons nie meer as slegs die helfte daarvan nie as veeboere reken tesame met al die blanke inwoners van Swellendam en Graaff-Reinet, kry ons vir die jare 1753-73-93 die volgende persentasies: 34½; 43½ en 53. In werklikheid is die verhouding gunstiger as ons bedink dat die Kaap-distrik tot by die uitloop van die Bergrivier in St. Helenabaai gestrek het en veeboere ingesluit het. Vul ons hierdie syfers aan met die sensus van 1798, (Gie II 13), dan het Kaap-distrik 29% van die vaste blanke bevolking, Stellenbosch 33%, Swellendam en Graaff-Reinet 38%, en neem ons weer die helfte van die Stellenbosse getalle oor as veeboere, dan is daar 54½% van die permanente inwoners wat die veeboerdery beoefen.

In hierdie halfeeu het die koloniste verbinnelands en het die veeboerstand die belangrikste geword, die tipiese Kaapse stand. Die snelle toename is 'n aanduiding hoedat die oorskotbevolking hom tot die veeboerdery aangetrokke gevoel het. Soos die akkerbouende gemeenskappe die mees geslote was, is die veeboerdery van die drie kringe

die mees ope en die ekspansiefste. Daar is ekonomiese redes voor, soos die lae produksiekoste, geringe kapitaaluitleg, maklike verkrygbaarheid van plase e.d.m.; maar daar is ook ander redes. Sparrman vertel die volgende insident oor 'n koringboer: „On our entering into conversation with them, our voluptuous corn-boer and his beautiful spouse informed us, that they had just been to pay a visit to their relations at Agter Bruntjes-hoogte, where having experienced for the space of six months the sweets of the ease and convenience attending a pastoral life, when compared with the drudgery of that of the husbandman and wine-dresser, they had given up all thoughts of their former business, so that they intended to sell their vine-yard and corn-farm near the Cape, and to look out for some spot in these parts, proper to carry on the grazing business” (II 249).

Daar het bygevolg groot gebiedsuitbreiding plaasgevind. C. Graham Botha (*Place Names in the Cape Province*, Kaapstad, s.j.) het die trekrigtings en -tempo bepaal deur na te gaan waar en wanneer leningsplase uitgereik is, soos aangeteken in die *Wildschuts Boeken* en *Ordonnantiën*. Hy kon baie duidelik vasstellings maak, veral deur sy feite op 'n kaart te teken. Die koers noordwaarts ten weste van die Hantamberge het op die woestyng gebied bokant Leliefontein voorlopig tot rus gekom, maar ten ooste van Calvinia het dit, beginnende aan die voet van die Roggeveldsberge, noordelik gegaan na Sakrivier en tussen 1760-70 het die distrikte Sutherland en Fraserburg beset geraak. Meer regs was ander bane; een gaan loop tot aan die noordelike hange van die Nuweveldreeks, 'n ander loop langs die suidkant daarvan oor Hooyvlakte (Beaufort-Wes) teen 1760, al met die sonlyn mee tot by die Sneeuberge, Graaff-Reinet en die buurt van Camdebo, wat in vertakkings teen 1770 bereik word.

Net so snel is die tempo van uitbreiding oor die Groot Karoo, waar die oop gelyktes bevorderlik vir beweeglikheid was. Dit gaan oor Prins Albert, die Koup en tot aan die Camdebo. Die verste dring die paaie aan die

suidkant deur, waarmee die Swellendammers kom. Tussen die see en die eerste bergketting beweeg dit van Mosselbaai af voort tot aan die Sondagsrivier; en in die dalvlaktes tussen die Outenikwa- en Swartberge tot dit die vorige stroom ontmoet en opbuig na Bosberg (Somerset-Oos) (Vgl. Botha 50-54). Dr. P. J. v.d. Merwe vat dit soos volg saam: „Die Stellenbossers het die Roggevelds- en Nieuweveldsberge gevolg en die Swellendammers het tussen die Langeberge en die Swartbergreeks voortbeweeg. Tussen die twee groepe koloniste het die Groot Karoo en die Koup onbewoon gelê. Toe die trekboere uit die genoemde twee distrikte egter die punt verbygetrek het waar die Koup eindig, het hulle met mekaar begin vermeng. Stellenbossers en Swellendammers het met verloop van tyd deurmekaar gaan woon.” (*Trekboer*146).

In die eerste twintig jaar van die halfeeu is die oostelike gebied dus byna verdubbel, maar van nou af sal die uitdying langsaam gaan. Die oop gebiede is nou ingeneem; in die noorde en noordooste sal Boesmans die weg versper, in die ooste die Bantoe. Teen die einde van die agtiende eeu is die Visrivier die oosgrens. Die hele gebied teen 1800 deur die koloniste bewoon, het oor die 100,000 vierkant myl beslaan (Barrow I 9 en Walker, *Hist. Atlas*, 11), d.w.s. daar was omtrent .2 blankes per vierkante myl, met die syfers van 1798 tot grondslag. Trek ons Kaapstad en die Boland af, dan is die breuk 'n maal of wat kleiner.

Daar is reeds gewys op wat die afsondering beteken; nogtans kan 'n paar aspekte met feite of insidente uit hierdie periode weer beklemtoon word.

Ten grondslag aan die isolement lê die gebrekkige verkeersmoontlikhede. Beutler en sy gevolg moes ten ooste van Mosselbaai „het padt der togtgangers” (bl. 16 in Theal se uitgawe van die reis) inslaan, as hulle dit maar net kon kry (77), en later self pad soek of oopkap, bv. by die Visrivier: „hier moesten wij *weederom* pikken en bijlen gebruikken om de doordrift passabel te maken en wij begonnen deselve den 3 dito (lees: Junie 1752) 's

morgens te passeeren dog quamen niet sonder moeijte en perijkel over . . ." (32-3). 'n Twintig jaar later was Sparrman en Immelman in dieselfde streke aan die reis. Meer as eens was hulle, die een 'n gebore Kapenaar, die pad byster, die eerste keer toe hulle deur Langedal gery het. „In consequence (of the darkness), we got into a labyrinth of bushes and briars for want of being able to see the road" (I 299). 'n Ander keer verneem ons: „ . . . I unavoidably lost my way when the night was far advanced; especially as the road over certain fields was unbeaten and not to be distinguished" (II 321). Om van 'n plaas naby die Keurboomsriviermond na Algoabaai te gaan, moes Sparrman gebruik maak van „a troublesome footpath." Ons sien in hierdie aanhalings die verklaring van 'n interessante betekenisverruiming. Die woord *pad* is Wesgermaans en beteken veral 'n smalle weg, 'n weg „gemaakt door de voetstappen vande menschen of dieren die er langs gingen . . ." (s.v. WNT), of „a track formed *incidentally* by passage between places, rather than expressly planned and constructed to accommodate traffic; a narrow unmade and (usually) unenclosed way across the open country, through woods or fields, over a mountain, etc.; a footway or footpath, as opposed to a road for vehicles . . ." (s.v. NED). Hieruit volg ontwikkelinge soos „inzonderheid (gebruikt) met betrekking tot de smalle wegen in een tuin, een wandelpark, een bosch, enz." (WNT). Dié verskil tussen *weg* en *pad* is in die begin aan die Kaap ook gemaak. Die een ou naam vir Sir Lowryspas was *Elands Pad*, soos weergegee deur Hartogh in 1707, en Franshoek-pas was vroeër bekend as *Olifants Pad* (soos geskryf in 1699, vgl. *Botha Place Names* 45); in 1685 word 'n *Renosterpad* vermeld. In onbegaanbare streke het perderuiters en die ligte Kaapse waens natuurlik soms van die voet- en trekpaaië van die wild of Hottentotte gebruik gemaak, en so het *pad*, wanneer voet- of trekpad tot *wapad* (al by Van Riebeeck I 526, 530 ens.) oopgery is, d.w.s. eintlik 'n *weg* geword het, nog in gebruik gebly en veralgemeen, om die grondslag te lê vir Afrikaanse uitbreidings soos

bardepad; *padkos*; *padloper*, of vir doebleteringe soos *weëraad* maar *padveiligheidsraad*.¹⁾

Nie net bosse en struike het die deurgang bemoeilik nie; erger hindernisse was berge en riviere. Daar was in die hele Kaapland geen enkele brug nie; by die stromende riviere moes dus *doordriften* gesoek word — die woord verskyn al vroeg verkort tot *drift* (vgl. *Misverstands Drift* in S. van der Stel se reis, *Sonquas Drift*, in watter vorm dit in 1704 opgeteken is). In die agtiende eeu het dit in verkorte vorm blykbaar algemeen geword in die volksmond en kom dikwels in plekname voor met die verengde tipies Kaapse betekenisveld van 'n begaanbare rivierdeurkruising (vgl. *Klippedrift*, vermeld in 1756, *Trompettersdrift*, 1793, na 'n Hottentot-leier). Sulke driewe kon in die reënseisoen gevaarlik word. Ons lees dikwels hoedat waens omgeval het as hulle oor bergnekke, deur klowe of riviere moes gaan, en dit ten spyte daarvan dat die ligte tentwaens „are so large and wide in carriage that they cannot easily overturn, and where the road is worse than ordinary, the foremost oxen are usually led” (Sp. I 54). Sparrman, Thunberg en Le Vaillant het sulke ondervindings opgedoen, almal meer as een keer. Die molwaentjie het nog makliker omgeslaan.

Hoe groot die afsondering wel kan wees, kan met 'n verhaaltjie van Cook (in 1771 aan die Kaap) verduidelik word, wat vertel: „Terwyl wij ons hier bevonden, kwam er een Boer aan, die vijftien dagreizen ver landwaards in woonde; hij bracht een kind met zich, waar over wij ons zeer verwondert hielden, ook vroegen wij hem of 't niet beter zou geweest zijn het kind bij de buren te laten. Buren, antwoordde de boer! Om een buurman te vinden zou ik vijf dagen ver hebben moeten gaan” (341). Dit is wel 'n uitsonderlike geval, hoewel Barrow ons vertel dat party voorposbewoners uiters menssku geword het (I 383). Volgens Barrow (II 380) was die gemiddelde afstand tussen leningsplase 'n dertig jaar later

¹⁾ In Estcourt opgeteken: „Die roadinspekter van die paaie moet vra dat die weëraad ons beter moet betaal.”

sowat twee uur. Om vir familie in die distrik te gaan *kuier*, kon dus allig 'n meerdaagse onderneming word, sodat die begripswysiging by hierdie woord waarskynlik mede aan die groot afstande en die verkeersongeriewe toegeskryf moet word (*Kuieren* beteken om te wandel of op sy gemak te stap, s.v. WNT).

Onder sulke omstandighede het die uur 'n algemene ruwe lengtemaat geword wat Sparrman soos volg aangee: „In general, the *uur* on the road is reckoned as much as a man can ride on a round trot, or a common hand-gallop in that space of time, and is considered as being equal to the distance which a man is able to drive a waggon with oxen in two hours” (I 132). Vier uur te perd of ag per ossewa word gereken as 'n *skof*. 'n Interessante uitbreiding kom voor by die bepaling van die omtrek van 'n plaas: as 'n intrekker te na aan 'n gevestigde veeboer kom, word gesê: „hy is binne my *halfuur*,” of 'n veldkornet word gevra om 'n boer se *halfuur* te kom opmeet, d.w.s. met die opstal as middelpunt (*Trekboer* 99).

Ons wil kortliks op die administratiewe en kulturele gevolge van die toestand van verstrooiing let.

Die veeboer het afgesny geraak van die hoofstad. „Die reis van Camdebo na die Kaap en terug het van twee tot drie maande geduur. Boere wat nog verder weg gewoon het, moes dikwels tussen vier en vyf maande van hulle plase afwesig wees as hulle 'n reis na die hoofstad wou maak. Gevolglik het die boere in daardie afgeleë dele nie die Kaap meer as een keer elke twee, drie of selfs vier jaar besoek nie. Baie het dit net een keer in 'n leeftyd gedoen: as hulle na die hoofstad gaan om te trou! Op hulle gewone besoeke aan die Kaap het die boere ook selde langer as 'n dag daar vertoef...” (*Trekboer* 197-8).

Dit was nie net vir die boer moeilik om die Kaap te bereik nie, maar ook vir die Kompanjie om die boer daar diep in die binneland te regeer, hom te beskerm en die rekogniegelde te in, aangesien die naaste drosdy (nl. te Swellendam) al 'n twee of drie weke ver vir sommige

afgeleë was. Die inwoners van die Camdebo en Sneeu-berge het bly aandring op 'n eie magistratuur en 'n kerk en skool binne bereikbare afstand. Goewerneur De Graaff het hieraan gehoor gegee en in 1786 is 'n landdros gestuur na Graaff-Reinet, die tweede uitgebreidste distrik: eers ses jaar later kom die eerste predikant daar aan (ds. Von Manger), alhoewel daar reeds 'n sieketrooster was. Die voorposdorpie het so stadig gegroei dat dit net voor 1800, op gesag van Barrow, bestaan het uit „a dozen mudhouses with thatch!”

Ten spyte van die naderbrenging van die drosdy blyk die magteloosheid van die Kompanjie daarin weer dat hy die koloniste net so min nou as vroeër teen die stroperye en aanvalle van die Boesmans kon beskerm. Van 1770 af het die Boesmans 'n gevaar geword en dertig jaar lank die uitbreiding van die blankes na die noorde teengehou (*Noordwaartse Beweging* 24). Die koloniste moes hulle maar weer self met die wapen in die hand verdedig, net soos dit al van die begin van die eeu gebruiklik geword het. Die kommandodiens, eers vrywillig en sedert 1739 verpligtend, is in 1774 gereorganiseer, volgende op vertoë van die burgers om beskerming, toe daar met kornetrang 'n veldkommandant aangestel is om die opperbevel te voer oor die 13 veldkorporaals (nou herdoop tot Wagtmeesters), wat in die buitelandse distrikte die orde moes handhaaf. Die burgerkommando's het dus onder burgeroffisiere gestaan, nie onder beroepsoldate nie. Die Kompanjie het wel lood, kruit en vuursteen verskaf, maar origens moes die burgers die koste self dra en sorg vir mondprovisie, perd, saal, toom en geweer; hulle enigste beloning (altans soms) was 'n deel van die gebuite vee. Die regering was, deur sy magteloosheid gebonde, weinig meer as 'n toeskouer, en „gedurende die laaste dertig jaar van die 18de eeu is daar aan die boere nagenoeg volkome vryheid gelaat om na goedgeskik teen die Boesmans op te tree” (*Noordwaartse Beweging* 26-7).

Behalwe die algemene kommando's is ook deur bure klein plaaslike kommandotjies vir spoedgevallen op die

been gebring, en dikwels het die boer met sy seuns alleen moes optree, omdat hy by 'n roofoorval nie eers op verlot van die landdros kon wag om sy vee terug te kry of selfs om van bure hulp te vra nie, want dan sou dit te laat wees. So neem hy die verdediging van die land en van sy huis en hawe op homself, dra selfs die volle koste daarvan dikwels alleen, en leer om sonder regeerings-inmenging of verlot vir hom reg te verskaf en te beslis oor die lewe en dood van 'n oortreder. Toestande het hom daartoe gedwing om 'n egte outokraat te word, in afsondering self sy koninkryk te bestuur as opperbevelhebber en hoofregter, ook t.o.v. premisse wat regtens die staat toekom.

Die botsing tussen Boer en Bantoe, sedert 1779 met wapengeweld, het aan die pionier dieselfde eise gestel en dieselfde reaksies te voorskyn geroep. Toe Maynier hardnekkig onbegrip van hulle stryd en ideale aan die dag lê, lei dit in Februarie 1795 tot sy verdrywing en in Junie tot wat prakties neerkom op die uitroeping van 'n republiek, eers in Graaff-Reinet en vier dae later in Swellendam. Hoewel dit uiteindelik op niks uitgeloop het nie, is dit tog simbolies daarvan dat die veeboer, gewillig om die land met sy bloed te verdedig, ook gewillig is om dit te bestuur ooreenkomstig sy ideale. Hy reik uit na staatsburgerlike mondigwording.

Op kulturele gebied was dit lank nie rooskleurig nie. Vandat die veeboere in die 18de eeu begin wegtrek het, was hulle beskawingspeil as gevolg van die afsondering sodanig dat daaroor telkens besorgdheid uitgespreek is, veral deur die kerkrade en in 1743 deur Van Imhoff. Maar van 1750 af toe die uitbreiding hand-uit geruk en die agtervolging van die koloniste met kerk en goeie skole onmoontlik geword het, het die klage toegeneem en dringender geword.

Van kerkbesoek was daar vir die grensbewoners haas geen sprake meer nie. In 1769 spreek Cloppenburg na 'n ondersoekingstog sy besorgdheid uit oor die burgers, „aangesien door de verre uitgestrektheid 's lands reeds een groote verwildering van Godsdiens, van obediensie,

en gevolgelyk van een goed gedrag onder de tegenwoordige geslagten klaarblyklik is, en in derselver nageslagten tot een totaale Barbarismus dreigt" (*Trekboer* 242). Dit het inderdaad soms jare geduur, rapporteer goewerneur Van Plettenberg na aanleiding van sy rondreis in 1778, dat die boere van Camdebo hulle kinders laat doop het, „die vervolgens, sonder in die gronden der Godsdienst te kunnen werden onderweezen als in 't wild moeten opgroeijen . . .” (ald. 242). Die boere was hiervan ten volle bewus en nie daaroor onverskillig nie, soos blyk uit meer as een versoekskrif, bv. in die van 1778 waar hulle sê dat weens die gebrek aan onderwysers en predikante „een groot gedeelte van de frissche jeugd op groeijen, gelijk het stomme vee, (en wij) geen geleegendheid kennen bekomen, den jongeren te leeren de eerste beginselen, naa den ijs haares wegs, op dat als sy oud geworden sijnde, daarvan niet moogen afwijken” (ald. 243).

Dieselfde verontrusting verneem ons in 'n ander memorie van 1784 waar hierdie boere bekommerd oor hulle kinders is, „dewyl zij van zoo een wild veld-leven een gehele verbastering van zeden moeten te gemoed zien, en in hun kroost . . . een geheel ontaalde natie . . . beskouwen” (ib. 244).

Alle reisigers uit hierdie jare, om die ewe of hulle die koloniste in die grenssones wel- of kwaadgesind is, gee ons dieselfde aanduidings, naamlik dat die ontwikkelingspeil van die binnelandse burgers ver agterstaan by die van die Hoofplek en die Boland, en dat daar vrees vir verwildering in die toekoms bestaan. Toe die predikant in 1792 wel kom, was sy gebied so uitgestrek en die paaie so sleg dat hy die oorgrote meerderheid van sy gemeentelede selde kon sien en bearbei.

Soos die kerk, so die skool. Die plaaskinders het, as hulle gelukkig was, hulle onderwys van 'n rondswerwende skoolmeester ontvang, deur hulle ouers gehuur; gewoonlik was hy 'n verlope soldaat of matroos met weinig geleerdheid. Hy het so van 'n ses tot 'n twaalf maande

op 'n plek gebly, en in die tyd moes hy die kinders volleerd maak, d.w.s. vir hulle neem deur (a) die prenteboekie, genoem die ABC, (b) die AB-Jab wat reeds tweeletter-grepige woorde bevat het, en (c) die algemene spelboekie, oorbekend as die *Trap-der-Jeugd*. Hulle moes nou kon skryf en ook lees, besonderlik uit die Bybel, wat hulle, tesame met die nodige belydenisstukke, so goed moes ken dat hulle as lidmate van die kerk kon toegelaat word. Hierna eers — dit was die algemene reël — kon hulle aan trou dink. So is die blanke koloniste teen analfabetisme bewaar en by die Christendom ingeskakel gehou. Waar onderwysers nie verkrygbaar was nie, het die vader meestal na die aandgodsdien sy kroos boekgeleerd probeer maak.

Dit lê voor die hand dat hierdie bietjie skoolmeestery nie op die kinders se taalgebruik sou ingewerk het nie: daarvoor was dit te onprakties en te „effentjies.” Die taalontwikkeling kon dus sy gang gaan, ongehinder deur die onderwys. Die kerk kon ook nie korrigerend in die opsig inwerk nie, en die vrye veldlewe het die vroeg opgewasse kinders grootliks aan die ouerlike taalinvloed onttrek, selfs waar dit nog van veel betekenis kon gewees het. Hier heers dus die ideaalste toestande om aan die aktiefste ontwikkelingsneigings in die taal vrye spel te laat, behalwe met één uitsondering: die boer se godsdienstigheid. Vir hom was dit 'n behoefte — die groot, oop natuur het hom sy nietigheid laat besef, die gevare sy afhanklikheid. Dit het hom die Bybel gereeld laat lees en die gesange gereeld laat sing, die van Willem Sluiter inbegrepe; by die huisgodsdien het hy hoëpriesterlik in gebed voorgedaan, en dan sy taal gerig na die van die Statevertaling. Die Bybel was nie net 'n sedebewaarder nie; dit het vir hom ook as voorbeeld op taalgebied gedien. En so het daar 'n soort van dubbeltaligheid geheers: aan die een kant 'n verhewe taal soos ons dit uit die skryfpogings van die veldwagmeesters kan aflei, en aan die ander kant 'n meer informele spreektaal, soos ons dit vermoed op grond van die foute en hiperkorrekte vorms in dieselfde briewe, waaroor later meer.

§58. *Die samestelling van die blanke immigrante.*

(a) *Die Duitse element.* Hier is weer slegs sprake van stamouers, met die veronderstelling dat die verhoudinge so verkry, in die algemeen ten opsigte van alle immigrante nog geldig bly.¹⁾

In hierdie tydvak is eintlik net Duitsers en Nederlanders van belang. Uit 'n totaal van 1007 ouers buite die Kaap gebore (Colenbrander 116), is 865 Nederlanders en Duitsers, d.w.s. 86%, of met byrekening van die Vlaminge en Duitse Switsers byna 88%. Die nuwe Franse stamouers vorm minder as 2%. Ons kan derhalwe die ander groepies, tesame net oor die 12%, buite rekening laat: hulle was so min en in soveel klompies verdeel dat hulle eenvoudig verlore geraak het.

Die Duitsers het hulle getaloorwig in hierdie halfeeu beslissend gemaak; hulle tel 558 uit 'n totaal van 1007, m.a.w. daar was meer Duitse stamouers as al die ander tesaam geneem (nl. 55%). Soos in die eerste halfeeu, het hulle ook nou hoofsaaklik uit mans bestaan. Van die 558 was slegs 55 vroue,²⁾ waarvan alleen enkeles met Duitsers getroud was, sodat die Duitse mans weer byna almal met nie-Duitse vrouens in die huwelik moes getree het, te wete met Kaapse vrouens, op weinige uitsonderinge na. Daardeur het hulle gesinne gestig wat die landstaal gepraat het.

Die Duitse invloed is gevolglik nie so groot as die persentasies laat vermoed nie, en hulle het onder omstandighede maklik in die taalverwante heersende groep opgegaan. Dit word oor en oor vasgestel. So skryf luitenant-kaptein Karl von Wolzogen: „Die hiesigen Einwohner halten uns (— die Duitsers van die Württembergse regiment) für ihre halben Landsleute, und wirklich besteht ein Teil derselben aus ehemaligen

¹⁾ Dr. J. Hoge (*Kultuurgeskiedenis* II 180 e.v.) vestig die aandag op foutiewe en onvolledige gegewens by Colenbrander en meen dat daaruit geen wetenskaplike gevolgtrekkings gemaak kan word nie. Ek wil hier voorlopig alleen *neigings* probeer verduidelik totdat ons beter ingelig is.

²⁾ Vgl. egter Hoge, ald. 156.

Deutschen, die aber freilich nach und nach die hiesigen Sitten so angenommen haben, dass man sie für Nationalholländer halten sollte" (Joh. Prinz: *Das Württembergische Kapregiment 1786—1808* (1932) bl. 140-1). Sprekende oor die Duitsers van Kaapstad tydens sy verblyf hier (1803-6), deel Lichtenstein mee dat hulle, op 'n paar uitsonderings na, min omgang met mekaar het, onder mekaar Hollands praat en 'n landgenoot nie met groter vriendelikheid ontvang as 'n ander nie (*Reisen I* 630).

Die Duitsers wat hulle hier kom vestig het, het in die reël nie die bande met die vaderland onderhou nie maar hulle heeltemal daarvan losgemaak, ook in taalopsig. Miskien moet ons darem een voorbehoud maak. Soos die Skandinawiërs wat in hierdie tydvak 56 stamouers gelewer het (Colenbrander 116), was die Protestantse Duitsers veral Lutherane en hulle het hulle jarelank beywer om in Kaapstad 'n eie kerk gestig te kry waarin die godsdiensoefening waargeneem kon word op Lutherse wyse (waar hulle hulle in eintlike sin „luthers kon hou"). In die jaar 1780 is die kerk uiteindelik gestig, „maar die stigting daarvan het die verhollandsing van die Duitse element wat taal, sedes en gewoontes betref, geensins belet of vertraag nie. Die kerklike band het nie gelei tot 'n *nasionale* aaneensluiting nie. Die dienste in die Lutherse kerk moes, op bevel van die owerheid, in Hollands gehou word, net Duitse gesange was toegelaat. Buitendien was die vrouens van die meerderheid van die Lutherane lidmate van die Gereformeerde Kerk — onder die 442 lidmate van die nuwe Lutherse gemeente was slegs 27 vrouens" (J. Hoge, ald. 178).

Die Duitse stamouers was byna almal eers Kompanjiesdienaars aan wie, na minstens vyf jaar diens, vrybriewe uitgereik is. 'n Mens lei dus af dat onder die laer kringe van die Kompanjiesdienaars van die tyd die Duitsers in die meerderheid mag wees. Dr. Hoge het die monsterrolle ondersoek en sy bevinding is o.m.: „Daar was jare, veral in die tweede helfte van die 18de eeu, toe feitlik die hele garnisoen uit Duitsers bestaan het. In 1761 was daar

bv. onder 422 soldate net 24 Hollanders en onder die hoër range maar net een enkele" (ald. 159). Die lyfwag van die Goewerneur het dikwels uitsluitlik uit Duitsers bestaan, en hulle het die meerderheid gevorm onder die ambagsmanne (behalwe in die geval van die skeeps-timmerlui), die stalknegte en waryers, terwyl Duitsers en seuns van Duitsers in alle ander afdelings van die Kompanjiesdiens in meerdere of mindere mate 'n aansienlike rol gespeel het.

Seker die duidelikste algemene bewys van die assimileerbaarheid van die Duitsers, van hulle ewentuele goeie burgerskap as bewaarders van die Kaapse volkseie, lê opgesluit in De Mist se hervormingsbeleid toe hy aan die hand doen dat aan die sedebederf aan die Kaap 'n einde moet kom, o.a. deurdat „*nooit* geene *vreemde troupes* (Duitschers uitgezonderd) aan de Caabstad, meer in bezetting gelegd worden" (VRV III 48).

Hoe geredelik party Duitsers in die Nederlandse element opgegaan het, blyk byvoorbeeld uit die waarskynlike opsetlike verhollandsing van hulle name, en soms wel so dat Colenbrander die nasionaliteit by vele weens onvoldoende gegewens verkeerd bepaal het, soos dr. Hoge se navorsing bewys. Die veranderings dateer party keer van voor hulle vestiging hier. Naas die bewaring van die vroeë spelwyse (indien dan nie altyd van die uitspraak nie) soos in *Baumann*, *Hauptfleisch*, *Holtzhausen*, *Krause*, *Rothmann* e.m. is daar aanpassings soos *Baard* (uit *Bark*); *Botha* (uit *Bode*, in een tak); *Broodryk* (*Brodtrück*); *Berend Burger* (*Berndt Burcherdt*); *Geldenhuis* (*Gildenhausen*); *Grobelaar* (*Grobler*); *Kroukamp* (*Kraukbamer*); *Kruisman* (*Kreutzmann*); *Lubbe* (*Löbe*); *Neethling* (*Nötbling*); *Raats* (*Ratzer*); *Steenbrugge* (*Steinbrück*); *Van Coller* (*Von C*); *Zastron* (*Zastrow*).

Ten spyte van die gemaklike assimilasië sal dit tog vreëmd wees as die Duitsers hoegenaamd geen spore op die taal nagelaat het nie, aangesien die aanraking langdurig en in hierdie eeu baie sterk was.

Maar juis die een omstandigheid wat samesmelting so

begunstig het, naamlik die taalverwantskap, bemoeilik ook die vasstelling van moontlike invloed. Die meeste Duitse Kompanjiesdienaars is vir die N.O.I.K. gelewer deur die aangrensende gebiede en kom dus uit die Nederduitse taalstreek (vgl. Boshoff: *Volk en Taal* 23), waarvan natuurlik die Nederlandse gebied 'n uitbreiding is. Daarom is dit moeilik om uit te maak of 'n woord regstreeks uit die Hoogduitse gebied kom, of uit dié Nederduitse gebied wat deur Duitsers, dan wel deur Nederlanders bewoon was. Bygevolg is die aantal woorde in ons taal wat ons met 'n redelike mate van sekerheid aan die taal van die Duitsers hier kan toeskryf, besonder gering en weerspieël waarskynlik nie die juiste toedrag nie.

Dr. Boshoff (*Etimologiese Woordeboek*) noem die volgende as „vermoedelik uit Duits”; *dan en wan*; *der/ter* (*duiwel*); *laer*; *oorwaks* (vir oorveeg); *rappelkops* (*-duiselig*); *seties* ('n soort dans, uit *Schottisch*); *by my siks*; *skalt en walt*; *stols* (trots); *strawasie* (moeilikhed, lawaai); *swaap*; *sweis*; *swernoot*; *swynbond*; *waks*; *werda*. Miskien moet minstens *swernoot* en *werda* liewers as ontleninge uit die Nederlandse seemans- of soldatetaal van voor 1652 beskou word (vgl. ook *Taalargief* IV 31), en moontlik moet *skuts* bygevoeg word. *Schuts* verskyn in die WNT as 'n germanisme in die betekenis van beskerming (14 1231), maar word nie aangegee in die betekenis van *schutter*, soos in Afrikaans, nie; *schut*, mnl. *scutte*, is in die sin van 'n *schutter* sedert die 17de eeu verouderd (ald. 1223). *Skuts* (*by is 'n goeie skuts*) kom waarskynlik uit Duits; dit is opgeteken in 1798 (*Taalargief*, brief 140). Kloeke beskou *werskaf* en *verfoes*, ook op formele gronde, en *swaap* as sekere ontleninge uit Hoogduits (*Herkomst en groei van bet Afrikaans* 26-27).

Uit 'n Nederduitse dialek (in teenstelling met 'n Nederlandse) kom waarskynlik *blus*; *fiemies*; *gaip* (uit *Kaip*, 'n ghwar, tor), *kietsie*, *poliets* (Boshoff: *Etimologiese Woordeboek* 8-9). Die volgende kan Duits, Nederduits of miskien Nederlands wees: *aandag* (godsdienstige oor-

peinsing); (*ganse*) *gaar*; *halfte*; *bang* (van 'n berg); *jaarbonderd* (naas *eeu*); *kats* (Nederlands *kat*, 'n tugwerktuig; vgl. *skut(s)*); *kretie en pletie*; *niksnuts*; *omsons*; *peits*; *sens*; *skans*; *sneller*; *swets*, *verfomfaai*; *vergange*; *vervlaks*; *vrek*; *wiks*; en moontlik ook *blits*; *piets* en *uitwiks* (Boshoff 9).

Hier is weer (soos by die Franse) van die beginsel afgewyk om slegs geboekstaafde voorbeelde te noem wat binne die periode val. Die eintlike Duitse immigrasie as konstante faktor vind sy afsluiting teen hierdie tyd, sodat hulle taalinvloed nou die aktiefste sal wees en die vooruitloping op grond daarvan geskied. Dit val op dat verskeie van die woorde uit die sfeer van die soldaat kom en dat daar 'n mate van ontduitsing plaasgevind het deurdat party daarvan vandag onbekend is of besig is om in onbruik te raak.

Waar gepoog is om regstreekse invloede op te spoor, moet die onregstreekse inwerkings nie buite rekening gelaat word nie, al kan ons niks meer doen nie as om net vingerwysings te gee. Hierbo is bv. 'n paar woorde genoem waarvan nie met sekerheid uit te maak is of hulle uit Duits (en Nederduits) of uit Nederlandse dialekte in ons taal ingekom het nie. Hier moet ons soms wedydse versterking aanneem; 'n dialektiese woord kon die oornam van 'n gelykluidende woord uit Duits vergemaklik het, of andersom. Miskien kan *bolmakiesie* as 'n verdere voorbeeld gebruik word. As kinderspel is dit ongetwyfeld meegebring en is in Noord- en Suid-Nederland onder verskillende name bekend; vir Vlaandere noem A. de Cock en Is. Teirlinck (*Kinderspel en Kinderlust in Zuid-Nederland*, Gent, 1902, I 337-340) uit vele o.a. *buitelen*, *duikelen*, *tuimelen*, *boleerzen* (*bol* en *eerzen*, vgl. *aars*), *kadoensten doen*, *katabolijzen*, *kokelen*, *stortebollen* e.v.m., waarvan egter nie een met ons woord ooreenstem nie. Prof. Smith het dit afgelei van Duits *Kobold schiessen*, kopduikeling, waaruit *bold schiessen* — *bolschiesse(n)* — *bolskiesie* — *bol(ma)kiesie*; 'n afleiding dus wat semanties bevredig maar nie foneties nie (vgl. Boshoff: *Etimologiese Woordeboek* s.v.). 'n *Bolleman* of *bulleman* (*bolder-*

man of bulderman) verskyn in Nederlandse en Duitse streektaalgebiede as 'n kinderskrik, „eine Popanz für Kinder,” en J. Bouman (*De volkstaal in Noordholland, Purmerende, 1871*) deel onder *biesbauwen* mee: „De naam is ontleend aan het spook bietebauw, dat het bijgeloof zich vroeger als een wezen voorstelde, dat met geopenden mond en bulderend geluid alles dreigde te bijten, wat onder zijn bereik viel. Vandaar nog de namen bulleman, bullebak, budde, boeseman, enz.” (10).

By Tuinman *Nederduitsche spreekwoorden* I 24 lees ons ook: „Hy domineert als Bouwens geest, — dit was een gewaant en gemaakt spookzel, hoedanige buldermannen 'er veele uit het vagevuur zyn voortgekomen.” As die tweede lid van *bolmakiesie* inderdaad op *schieten* teruggaan, wat waarskynlik is (dink aan *böllerschuss* s.v. GDW), dan kon die aanwesigheid van die eerste lid in sowel Duitse as Nederlandse dialekte meegelyp het om die samekoppeling by ons algemeen te maak, maar blykens die tweede lid was die beginpunt wel die Duitser. Die verloop van die verkaapsing van die woord was dan ongeveer: *bol(le)man schieten* — *bolma(n)skies(e)*, gevolg deur die wegval van die eerste *s* onder dissimilasie en die aanpassing van die uitgang *-e(n)* by die diminutiefuitgang, passende in die kindersfeer. Of die woord in die gebruik van kopduikeling oorgeërf is of dat die verskuiwing van betekenis hier plaasgevind het, gestel dat die grondslag juis is, moet onbeslis gelaat word.

Prof. D. B. Bosman noem nog enige gevalle van sulke moontlike wisselwerking. *Stavel* is in Nederlands 'n dialekwoord, in Duits, soos in Afrikaans, algemeen gebruiklik; dat *kop* vir *hoofd* sy gevoel van onbeskaafdheid by ons verloor het, kan toegeskryf word aan die meer algemene gebruik van *Kopf* in Duits. (*Oor die ontstaan van Afrikaans* 115).

Op die gebied van die klankleer is ons net so onseker. Prof. P. de V. Pienaar het aangetoon dat die Afrikaanse klankbou in sy wese Germaans is (*Kultuurgeskiedenis* II 107 e.v.); spesifiek Duitse klankeienaardighede het hy egter nie in ons taal bestendig gevind nie (ald. 120),

hoewel hy versterkende invloed aanneem, soos in die uitspraak van *Deetseember, gaantsche, Printsloo*, almal uit die 18de eeu opgeteken — hierby pas gevalle soos *kats, skuts*. Hoewel die Ndl. *kogel* ook in dialekte as *koegel* voorkom, meen prof. Bosman dat die Duitse *Kugel* òf vir die verskyning van die *oe* in ons woord verantwoordelik is of bygedra het dat die dialektiese wisselvorm algemeen geword het (ald. 116).

Hierby kan ons miskien *Boesman* betrek. Oor die oorsprong hiervan is al veel geskryf en die belangrikste verklarings is die volgende: (a) Die naam is die Nederlandse vertaling van die Maleise *oerang oetan*, die eerste woord beteken *mens*, die tweede *bos*, dus *bosmens, woudmens*. Uit die Ooste is die naam deur die blankes hierheen komparatief oorgedra. Prof. F. R. Lehmann het probeer bewys dat die Maleise naam in die Ooste oorspronklik op *mense*, te wete die onbeskaafde, primitiewe bosbewoners in woudryke gebiede, van toepassing was en „sekondêr” op die nou bekende aapsoort oorgegaan het (*'n Paar gedagtes oor die naam Boesman in Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal* II afl. 1, bl. 4-5). Hy vind dit verder opvallend dat reisigers wat met die Ooste goed bekend was, soos Tapp, Leguat, Thunberg en Le Vaillant, ons naam *bosjesman* met die Oosterse *bosman* in verband bring.

(b) Andere meen dat die benaming 'n onafhanklike, eie skepping is, so Lichtenstein wat oor die vorige afleiding glimlag. By die eerste kennismaking (1655) het die Nederlanders verneem dat die Boesmans *Sonquas* genoem word, en hiervandaan is hulle in die *Dagverbaal* ook so aangedui, veelal met die byvoeging „offte *struyck-roovers*,” die eerste keer op 15 Julie 1656, weer op 31 Okt. '57, 7 Maart '59 ens. (vgl. J. L. M. Franken: *Boesman* in TWK 16 78-9). Die *struikrowers* slaan waarskynlik daarop dat hierdie mensies, as hulle hulle nie in die klowe of kranse kan skuil hou nie, vir hulle onder in die vlaktes tuis maak onder struie, tot 'n soort van skerm gedruk, en van daar uit op wild of vyande skiet. So 'n struik, sê Lichtenstein (*Reisen* II 77), „heisst im africanischen Holländisch *boschje (bosje)*,” vanwaar dan

bosjesman. Die naam kom veral op onder die koloniste wat die dwergvolkie se gewoontes goed leer ken het; een van die vroegste vermeldings is in die *Dagverbaal* van 31 Okt. 1685 waar gepraat word van „de Sonquaas in de wandeling Bossiemans genaamt” (LV II 148 vn). Ons het hier ’n treffende aanduiding dat die verkleiningsvorm *bossie* teen 1685 al sy *Afrikaanse* (of Kaapse) betekenisveld vir struikagtige gewasse moes gehad het, en dat ’n kolonis daarom nooit die benaming *bos-man* vir die Boesmans toe kon gebruik het nie, want die vlaktes waar hulle aangetref is, was onbebos, woudloos, sodat, sê Lichtenstein, ’n mens vir daardie reisigers moes glimlag wat *bossiesmans* vertaal as *hommes des forets* of wat *bosch* (Gebüsch, Wald) verwar met *bosje*.

(c). Hoewel Nederlands *oe* met Afrikaanse kort *o* kan afwissel (*bloem-blom*), kom dit aan die ander kant nie maklik voor dat Ndl. kort *o* in geslote lettergreep onder aksent met Afrikaans *oe* afwissel nie, d.w.s. *bos* en soortgelyke gevalle het geen wisselvorm *boes* e.d. in Afrikaans nie. Daarom het dit vir sommige onaanneemlik voorgekom om *Boesman* uit *bos(sies)man* te verklaar, soos in (a) en (b) hierbo blykbaar stilswyend aanvaar is. Prof. J. L. M. Franken wil die fonetiese besware omseil deur die woord *boesman* (soos by Kiliaan in sy woordeboek van 1574 weergegee) ten grondslag hieraan te lê; die woord beteken ’n paaiboelie (*bietebaurw*), ook in Duitse gebiede, en die koloniste het die naam dan aan die dwergvolkie gegee omdat hulle so lelik soos paaiboelies lyk (TWK 16 78). Aan dié verklaring het ook prof. J. J. Smith sterk geglo, daarin aangemoedig deurdat *bos* in al sy menigte samestellinge nêrens by ons tot ’n *oe* in sy vokaal oorgaan nie, sodat *bos(sies)man* nie as grondslag kan geld nie (vgl. sy artikels in *Die Suiderstem*, 11 en 18 Sept. 1937).

(d). Prof. Franken het in die Kaapse argief op soek na bewyse in die briewe van ongeletterde persone moes ontdek dat die naam *Boesman* tussen 1680—1830 nie ’n enkele keer opgeteken is nie. Dit het hom ernstig laat twyfel of sy afleiding as die enigste kan geld en hy het dit gewysig tot ’n samegestelde opvatting. Hy verbind

(a) en (b) en neem aan dat, sê gedurende die eerste vyftig jaar, *bos-* en *bossiesman* gebruik is; maar nou kom daar 'n toenemende aantal Duitsers as amptenare en vryburgers. Hulle sou dan *bos-man* (wat die eintlike grondslag vorm, en nie *bosjesman* nie!) uitspreek as *buschmann*. Hierdie verduitsing word versterk (hier bring hy (c) te pas) deurdat die Duitsers *buss(e)mann* (paaiboelie) ook ken. So ontstaan dan *deur Duitse invloed* 'n newevorm *boes(e)man* wat gaandeweg die ander vorme in die volksmond verdring (t.a.p. 83-4).

Prof. Franken kon later sy bewering herroep dat daar geen vindplaas van *boesman* voor 1830 was nie. In die taalkundige aantekeninge by Teenstra (VRV XXIV) bring hy „belege” vir 1776, 1780 en 1787. Hy sê egter by herhaling onder noot 19 dat hy „afdoende” bewys het „dat die *oe* ontstaan het uit Duitse *u* vir *o*.”

(e). Mnr. L. C. van Oordt doen in *Die Huisgenoot* van 14 Maart 1941 verslag van sy sukses om 'n paar ou dokumenterings van *boesman* op te spoor. Die oudste is in 1752 waar in dieselfde brief voorkom *Bossies-* en *Boessiesmans*, in 1776 *bosse-* en *boesemans*, in 1783 *boesmans*, ens.; in 1790 is daar sprake van 'n *Boesemans Berg*. Mnr. Van Oordt het bevind dat dieselfde skrywers (ons merk op dat hulle almal voorposbewoners is) die twee name duidelik as dubbelvorme gebruik en hy sien m.i. tereg in die jare 1750—1800 die oorgangperiode van *bossiesmans* tot *boes(sies)mans*, en omdat die Duitsers in getalle toe so oorheers het, meen hy dat die klankverskuiwing aan hulle invloed toe te skrywe is, maar hy gaan nie verder en verklaar die *boesman* uit *Buschmann* en/of *busseman* soos prof. Franken nie. Daarom dat ek hom apart noem, as voorstander van Duitse invloed sonder meer.

* * *

In die voorgaande is hier en daar dinge wat nog hinder. Ons kan as die vernaamste kernfeit wel neerlê dat die grondvorm van hierdie benaming vir die Sonkwas *bosjes-* of *bossie(s)mans* is, d.w.s. die eerste lid van die samestelling berus op die *verkleiningsvorm*. In een of

ander spellingvariant hiervan verskyn dit van 1685 af tot dit vir die eerste keer opgeteken is, en in die ou Kaapse geskrifte daarna loop ons dwarsdeur die res van die 17de en die hele 18de eeu konstant die vorms *B/bos(ch)je(s)-mans* of *B/bos(s)ie(s)mans* raak. Tot ongeveer 1790 gebruik buitelandse reisigers dit omtrent net so konsekwent, bv. Sparrman spel *Boshiesman* (volgens die Engelse vertaling) en Thunberg *Boshiesman* in die Engelse vertaling, *Boshismän* in die oorspronklike Sweeds. Prof. Franken haal die volgende spelvorme voor 1800 uit boerebriewe aan: *Bosiesmans* (1702); *bossismans* (1759); *bossiesmans* (1793); *Bossieman* (1975); *bossemans* (1799). Na afwykings van hierdie grondvorm voor 1750 moet 'n mens soms letterlik jare soek, soos mnr. Van Oordt getuig. Offisiële beskeide, reisigersberigte en boerebriewe stel ons in staat om die grondvorm vas te stel as *boesjeman* of 'n spelvorm daarvan.

Aanvaar ons die stelling, dan is die rede vir die handhawing van *boesjes-* of *bossies-* as eerste lid in teenstelling met *bos-* waarskynlik die een deur Lichtenstein verskaf in (b) hierbo.

Kom ons by *boesman*, dan is dit opmerklik dat die eerste dokumenterings *boessiesmans* is (1752), m.a.w. dat hulle by die verkleiningsvorm aansluit en as sodanig 'n suiwer doeblet van die grondvorm is. Nou is die interessante dat *boessie(s)-* duidelik nie meer as *bossie(s)* gevoel word nie, waardeur die rede verdwyn om die lang vorm te bewaar, aangesien *boesies* geen teenstelling met *boes* vorm in die sin as *bossies* (struikagtige gewasse) hom distanseer van *bos* (woud) nie. Bygevolg is die weg oop dat *boessiesman* vry kon ontwikkel tot *boesman*. Van ongeveer 1780 af wedywer *boesman* met *bossiesman*, soos mnr. Van Oordt aangetoon het, om eindelik die oorwinning te behaal, vermoedelik weens sy korthed.

Stel ons nou die vraag of die vokaalwisseling aan Duits toe te skrywe is, dan wonder 'n mens hoekom Duits so uitsoekerig was om net die woord *bos-* te kies, en nie ook by voorbeeld *bors*, *dors*, *bond* (met die pragtige aansluiting by *Schweimbund*), *long*, *ons*, *vos* e.d. nie, en

hoekom is ander samestellinge met *bos* onaangetas? Hoekom was die goeie Duitse burgers in die een geval so onmagtig om 'n gewone Nederlandse klank baas te raak? Die besware word nog groter as ons by die grondwoord *bosjesman* begin waarnaas *boessiesman* opgekom het: die Duitse diminutief van *Busch* (met die *oe*-klank, waarom dit eintlik gaan) het tog in die reël 'numlaut *ü*, sodat die verkleiningsvorm eerder *buussiesman* moes gewees het as dit onder Duitse inwerking was. Duitse invloed lyk my in hierdie geval onbewese en onwaarskynlik.

Ook staan ek skepties aangaande die geldigheid van die beswaar dat die kort *o* nie maklik in *oe* kon oorgegaan het nie. Ons weet heel weinig oor die klankwaardes van destyds, sodat ons ons weg moet voel. Ons het waarskynlik nog reste van 'n stryd wat destyds moontlik gewoed het, in 'n voorbeeld soos *voort*(gaan), *vort* (met kort *o*) en *voert* (of *voertsek*); vroeër het ons gehad *ook*, *ok* en *oek*, en naas *knots*, *knoets* ens.; of om 'n paar voorbeelde uit die agtiende eeu te noem: die pleknaam *Duyvenbok* is soms geskryf as *Duyvenboek*, die *Taalargief* bevat spellings soos *landroest* (1770 bf. 10, 1783 bf. 60 en 63b), *Stellen Boes* (bf. 63b), *voorschoet* vir 'n voorskot (1799) e.d.m. Verteenwoordig die spelwyse inderdaad die uitspraak, en indien wel, hoe algemeen was dit? Terloops kan opgemerk word dat behalwe in die geval van die dorpsnaam die *oe*-klank van hierdie woorde juis nie met Duits in verband te bring is nie.

Nog erger is ons in die duister aangaande die uitspraak van die brabbeltaalvorme en veral aangaande die gevoelswaarde wat dit aangekleef het. Dr. J. H. Rademeyer deel ons in *Kleurling-Afrikaans* (Amsterdam, 1938) mee dat die Griekwas en die Rehobothbasters van *oener*, *oens* en *toet* praat (vgl. bl. 45), en volgens die transkripsie van die in Arabiese letterskrif gedrukte Slamse Kategismus vir die Kaapse Maleiers, in Latynse skrif deur prof. A. van Selms versorg (*Arabies-Afrikaanse studies*, nr. 1. 'n tweetalige . . . Kategismus, Amsterdam, 1951), is dit 'n vername kenmerk van hulle Afrikaans van 1869, en vermoedelik van vroeër, om die kort *o* as 'n kort *oe* uit

te spreek (bv. *oef, oem, oens, oep, soen*). Sulke oorwegings laat die gedagte by my opkom of *boessiesman* (en daaruit *boesman*) nie eerder die uitspraak van die Hottentotte en slawe weerspieël het nie. Omdat aan dié uitspraak dan 'n gevoel van onbeskaafdheid gekleef het, het die offisiële beskeide en die geleerde reisjoernalhouers die gebruik van die „plat” woord vermy.

Dit lyk my asof ons naas ons eerste grondstelling dat die beginpunt op die verkleiningsvorm van *bos-* berus, as tweede grondstelling moet aanneem, voorlopig altans, dat *boessies-* en *boes-* aanvanklik as gewone plat wisselvorme beskou is, sodat geen dieper oorsaak hoef gesoek te word nie. Duits is bygevolg nie vir die dubbelheid in die eerste plek verantwoordelik nie, maar toe dit eers daar was en die blanketaal binnegedring het, byvoorbeeld deur die eiename Jager Boesman, Dirk Boesman (1795 en 1799 resp.) e.d., tóé kon Duitse koloniste of beamptes dit vanself baie maklik en natuurlik gevind het om die platter dubbelvorm wat direk by hulle taal aansluit, oor te neem en dit so te help verhef, net soos trouens van die einde van die 18de eeu af die Engelse gedoen het, omdat *boes-man* so direk *Bush-man* suggereer, en nie andersom nie. Dit is immers duidelik dat hierdie Engelse benaming 'n Afrikaansisme is, net soos m.i. *Bushmann* in Duits uit Afrikaans kom via Kreools-Afrikaans.

Om van die klankleer oor te gaan na die vormleer: weer is dit moeilik om selfs onregstreekse invloed aan te wys. Dit is byvoorbeeld vermoed (o.a. deur dr. D. B. Bosman, *Ontstaan* 115) dat *die* in Afrikaans mede onder Duitse inwerking so algemeen geword het, aangesien dit in Duits dié lidwoordvorm is wat die meeste voorkom (nom. en akk. vr. enk. en man. vr. en ons. mv.). A. W. Aron het 'n ondersoek na die genus van Engelse leenwoorde in die spreektaal van die Amerikaanse Duitsers van die Middellweste ingestel (*Curme Volume of Linguistic Studies*, Baltimore, 1930) en bevind: „American German has a tendency towards the exclusive use of the feminine gender, which might thus likewise be called a kind of

'common gender' " (26). Die toestand daar is nie identiek met die van ons nie, tog lyk dit of ons dieselfde „feminine tendency" hier mag veronderstel, d.w.s. 'n ontwikkeling in die rigting van uniformering, van gemeenslagtigheid, met die frekwentste lidwoordvorm as die draer.

Dr. L. G. van Loon se studie ter plaatse van die nou byna uitgestorwe Ndl. dialek van Ou New York (*Crumbs from an old Dutch Closet*, 1938), verleen krag aan die voorgaande konklusie. Hy meen dat hierdie dialek wat hy Hudson-Mohawk Dutch noem (25), gebaseer is op „the dialect heard occasionally in Rotterdam" (2). Die gewone vorm van dié bepaalde lidwoord daarin is *de*, en slegs by uitsondering kry ons daar „an old neuter article, such as is found in the expression *aan 't karne*, where it is the component of a preposition to form a progressive participle" (8). Die *'t* word nie meer as 'n aparte lidwoord aangevoel nie, sodat *de* prakties *die enigste is*. As nou by ons die ontwikkeling in dieselfde rigting gegaan het maar *die* oor *de* gaan heers het, dan moet ons daarmee rekening hou dat *die*, reeds in die Nederlandse volkstaal aanwesig, hier by ons in sy stryd teen die „beskaafde" *de* steun moes ontvang het van Duits. Anders het *de* tog seker dieselfde bestaanskanse gehad as in Hudson-Mohawk Dutch, en dan het dit nie op die terrein van die aanwysende en betreklike vnw. gekom om daarin 'n hele herskommelings teweeg te bring nie. Daar moes sterk faktore in die spel gewees het om aan *die* die oorhand bo *de* te besorg.

(b) *Die Nederlandse element*. Colenbrander bereken dat ongeveer 'n klein derde van die stamouers wat buite die Kaap gebore is, in hierdie halfeeu uit Nederland kom (307 uit 1007). In 21 gevalle is beide die vader en die moeder Nederlanders, die ander 176 vaders en 89 moeders is meestal met Kapenaars getroud. Hierdie inkomelinge moes ongetwyfeld die bestaande bande met die stamland versterk het, te meer nog daar „vaderlandse" mense in hoë aansien gehou is (vgl. Sparrman), maar hulle het net 'n klein persentasie van die totale burgerlike

bevolking uitgemaak (307 uit 15000. d.w.s. 'n vyftigste); daarby weet ons nie in watter van die drie taalkringe die 2% Nederlandse immigrante hulle gevestig het nie, wat hulle kulturele peil was nie of hoe hulle oor die Nederlandse dialektgebiede versprei was nie. Hulle invloed is dus nagenoeg onbepaalbaar. Alleen in vae terme kan gesê word dat hulle die Nederlandse taal aan die Kaap sou help bewaar het, waarskynlik 'n teenwig by verwilderingsneigings sou gevorm het, maar dat die invloed vermoedelik nie meer veel aktiefs sou uitgerig het nie¹). In die Kaapstadse taalkring sou dit egter van meer krag gewees het as in die buitekringe van die veeboere.

§59. Die nie-Blanke elemente as taalfaktore.

(a). *Die slawe.* Uit die amptelike opgawes van die slawebevolking gedurende die res van die Kompanjiestyd tot 1793 word die volgende statistiek gegee tesaam met enige syfers vir doeleindes van vergelyking (kyk Beyers *Die Kaapse Patriotte* 245-249):

Jaar	Volwassenes			Slawekinders	Groot-totaal Slawe	Groot-totaal Vryburgers	A	B	C	D	Slawe Kaapdist.	Slawe in res v/d land
	Manl.	Vroul.	Totaal									
1753	4137	1031	5168	877	6045	5419	68	59	53	6	3537	2508
1758	4105	1021	5126	806	5932	5575	70	55	52	5	3234	2698
1763	5072	1214	6286	929	7215	6750	70	53	52	6	3796	3419
1768	5681	1471	7152	1055	8207	7718	69	50	52	9	4121	4086
1773	7102	1707	8809	1093	9902	8465	72	55	54	7	5479	4423
1778	7380	2171	9551	1556	11107	9721	66	50	53	7	5541	5566
1783	7808	2533	10341	1609	11950	11040	65	48	52	7	5692	6258
1788	9931	3075	13006	1804	14810	12661	67	50	54	10	7331	7479
1793	9046	3590	12636	2111	14749	13830	61	49	52	11	7189	7558

In verskeie opsigte het die beeld vaster omtreкке aangeneem en is die toestande 'n voortsetting, meestal

¹) Dit kan met 'n uitspraak van goewerneur J. W. Janssens oor woordgebruik verduidelik word. Hy sê o.a. „om zaaken te beoordeelen, moet men juist weeten welke beteekenis die menschen aan de woorden hechten, en die dezelve taal spreek, geeven er dezelfde beteekenis niet altoos aan — als men in America zegd een Bosch of Bosschen, verstaat men er een verbaazende verzameling van Hout door zo oud misschien als de waereld, hier beteekend het soms, en meestal een enkel heestergewas dat men op een groote uitgestrektheid Gronds in het oog krijgt en de Europeanen zijn niet lang hier of zij neemen die spreekwijzen aan, omdat men spreekt om verstaan te worden.” (Aanhaling deur dr. C. Beyers, afgestaan aan dr. J. L. M. Franken, *Die Huisgenoot*, 1 Julie 1927, bl. 41). Let op die woorde „die spreekwijzen.” Dit is wat verstaan moet word onder „gemeinschaftsbedingende” faktore.

slegs markanter, van wat ons vroeër opgemerk het, sodat party gesigspunte òf alleenlik vlugtig hoef aangeroeer te word of glad nie meer nie. Ek bepaal my dus net by wat na 'n opvallende afwyking of nuwe ontwikkeling lyk.

Wat die eerste in die oog spring, is dat die tempo in die aanwas van die slawebevolking geweldig traer geword het — dit is nou onder die $2\frac{1}{2}$ maal sneller teenoor $4\frac{1}{2}$ maal in die vorige halfee, en stem nou so ongeveer ooreen met die snelheid in toename van die blankes wat net oor die $2\frac{1}{2}$ maal is (vergeleke met $2\frac{3}{4}$ in die voorafgaande tydvak). Kolom C wys die verhouding van die burgerslawe tot burgers uit; die opmerklike is dat die verhouding die hele tydperk deur so konstant bly: die slawe is net-net in die meerderheid met 'n voorsprong wat wissel tussen 52% tot 54%.

Maar waarom is daar die merkbare daling in die tempo van aanwinste? Aangesien dit nie aan die geboorteoorskot toegeskryf kan word nie omdat dit steeds gunstiger word, moet die rede gesoek word in die afname van slawe wat van buite af aangevoer word. Daar is oorwegings soos die volgende: (i) Die invoer van slawe uit die Ooste is so vroeg as 1767 stop gesit en hoewel daar nog Oosterlinge aangebring is, was hulle getalle blykbaar gering. (ii) Onder die ingevoerde slawe was alleen die Oosterlinge baie gesog; die handel met slawe uit Madagaskar en Zanzibar was nie langer goed lonend nie en in 1792 het Nederburgh en Frykenius dit om die rede selfs vir koloniste oopgestel (De Kock 31), 'n vergunning waarvan egter geen gebruik kon gemaak word nie (ald. 32). Die invoerbelasting van 10 riksdalders per slaaf sedert 1790 was ook 'n beletsel (ald. 44). (iii) Die hele ekonomiese struktuur van die Kolonie het verander toe die meerderheid van die vryburgers hulle aan die veeboerdery gaan wy het. Vir hierdie bedryf is die duur slawe-arbeid nie so nodig nie en die veeboer kon goedkoper oor die weg kom deur Hottentotte, makgemaakte Boesmans en later selfs Xhosas as skaapwagters en plaashulp teen 'n geringe loon te huur.

Kyk ons na kolom B wat vertel watter persentasie

slawe alleen in die klein distrik Kaap in diens was, dan merk ons dat naastenby die helfte van alle slawe hier saamgetrek is. Die Bolandse boerderye met hulle groot arbeidsbehoefte vir die graan- en wynbou het natuurlik ook slawe nodig gehad, maar die statistiek gee net die verspreiding van die slawe oor die distrikte, en dit is ongelukkig nie sodanig dat ons die getalle vir die Boland daaruit kan afsonder nie. Die distrik Stellenbosch sluit nie net die res van die Boland buite die Kaap-distrik in nie, maar ook die bewoonde dele van die land benoorde die Swellendamse gebied totdat Graaff-Reinet later afgebaken is. Daarom het ek die getal slawe in Swellendam (en sedert 1785 ook in Graaff-Reinet) bymekaar getel, omdat hulle in die suiwer veeboerdistrikte is. Voor Graaff-Reinet bykom, verteenwoordig hulle omtrent 7% van al die slawe, en sedertdien omtrent 10% (kyk kolom D.). As ons ruim voorsien vir die veeboerende gedeelte van die Stellenbosch-distrik en aan hulle 10% van die slawe toewys, dan beteken dit dat in die betreklike klein gebied van die Skiereiland en die Boland goed 80% van alle slawe van die Kolonie saamgetrek is. Die werklike invloed van die slawetale sal dus veral in hierdie streek die sterkste gevoel word.

Omdat die veeboere nie so 'n groot behoefte aan slawe-arbeid gehad het nie, sal die aanvraag na slawe daardeur oor die algemeen afgeneem het en was die noodsaaklikheid aan invoer nie so dwingend nie, al het dit nog voortgeduur.

Dit word ook deur 'n ander belangrike ontwikkeling bevestig. In die vyf dekades tot 1750 was 80% — 86% van die volwasse slawe mans, maar soos kolom A aantoon, val dit in hierdie periode veel meer ten gunste van die vrouens uit, aangesien nou slegs 60% — 70% mans is. Die groter persentasie slavinne is in hierdie handelsonderneming bevorderlik vir groter kinderproduksie, en volgens wet is al die kinders uit slawemoeders gewonne vanself onvry. Dit pas by die eeu van humaner behandeling dat slawegesinstigting gereelder voorkom. In 1793 beloep die onvrye kinderbevolking al oor die 2000,

d.w.s. ongeveer soveel as al die slawe 75 jaar van tevore. Deur die natuurlike geboorte-aanwas kon al grotendeels in die arbeidsbehoefte van die akkerbouende bedryf voorsien word.

Terloops kan nog gesê word dat die kleiner getalle in 1758 vergeleke met die van vyf jaar vroeër toegeskryf moet word aan die strawwe pokkies-epidemie wat in 1755 gewoed het, toe ongeveer 'n duisend blankes daaraan beswyk het en omtrent eweveel slawe (De Kock 140). Die syfers reflekteer eintlik nie die verwoesting nie, want die Kompanjie wat besonder gevoelig getref is, het 'n groot aantal gesoute slawe van Batavia laat uitstuur, waarvan party aan die burgers verkoop kon word.

Daar is, soos al telkens gesê is, twee groepe slawe, die van die burgers en die van die Kompanjie. Die aantal Kompanjieslawe was taamlik konstant en het gewissel tussen 500 en 800 (vgl. Cruse 210). Behalwe die geringe aantal versprei oor die buiteposte en die drosdye, is hulle tuisgebring in die ruime, in 1751 herboude slawelosie net onderkant die Kompanjiestuin.

Sedert ongeveer 1730 het die aantal Oosterlinge aanmerklik toegeneem, maar ons het nog geen syfers om die verhouding te bepaal nie. Daarom, en daarby, weet ons so min aangaande die tale wat hulle gepraat het. Ons kan slegs in die algemeen beweer dat die gebruik van die Oosterse tale (Maleis, Portugees en Maleis-Portugees) in die tyd moes toegeneem het, nie net in onderlinge verkeer nie maar ook teenoor die blankes. Ons besit vir sommige jare uitvoerige gegewens oor die Kompanjieslawe, soos vir 1793 toe die superintendent Höhne noukeurig aangegee het hoe en waar hulle as werkkragte uitbestee is en hoeveel onbekwaam was weens ouderdom of jeugdigheid (kyk Cruse 221-2), maar oor die plek van herkoms of oor die taalgebruik word geswyg. Na hernude verstoë is (soos reeds vermeld) die invoering van slawe of politieke bannelinge uit die Ooste in 1767 verbied; tog vra die Politieke Raad vier jaar later (1771) dat ingevolge die mislukking om slawe uit Madagaskar te verkry, verlof toegestaan moet word om 'n honderd

jong slawe uit Bengale te betrek, aangesien hulle weens die voedseltekort daar maklik en heel goedkoop aan te werf sou wees (De Kock 33). Selfs na die plakkaat van 28 September 1767 word nog Oosterlinge verwag; ons vernem nie of die versoek ingewillig is nie, maar dit skyn tog aan te dui dat die verbod nie so heel bindend was nie en voortdurende versterking van die Oosterse tale-groep is nie uitgeslote nie. In 1784 is die verbod op die invoering van Oosterse mansslawe weer per plakkaat herhaal, „nademaal ondervonden wordt, dat . . . het vervoeren . . . van mansslaven . . . egter niet cesseert . . .” (*Kaapse Plakkaatboek* III 164).

Sedert Van Rheede se reëlins is voortgegaan om aan die slawekinders onderrig te gee en in hierdie tydperk hoor ons ook wie die onderwysers was. Die verpligte skool is blykbaar redelik goed bygewoon; in 1779 byvoorbeeld was daar 84 kinders op skool, 44 van hulle het aan die Kompanjie behoort en 40 aan burgers; een van die belangrikste vakke was natuurlik Nederlands (vgl. De Kock 105).

Om op te som: die Oosterse groepe en daarmee hulle tale het onder die Kompanjieslawe bepaald aan sterkte toegeneem.

Vra ons nou na die toestande onder die burgerslawe, dan bly dit ewe moeilik om 'n juiste perspektief te verkry, weereens as gevolg van die afwesigheid van die nodige gegewens. Daarom moet ons voorlopig op enige aanduidinge steun.

Daar is reeds gesien dat 'n 80% van die slawe in die betreklike klein gebied van die Boland en Skiereiland (ongeveer 'n tiende van die geokkupeerde gebied teen 1800) saamgetrek was, en hier het hulle die besliste meerderheid uitgemaak. As ons die Kaap-distrik neem, dan was die verhouding van die slawe tot burgers in 1753 3:2; in 1773 2:1 en in 1793 net onder die 2:1 Beyers 245-9). In Kaapstad self was dit veel digter. Miskien kan ons dit populêr voorstel deur te hoor hoe reisigers die toestand gesien het, en haal daarvoor uit J. G. Forster aan: „Gegen einen weissen Einwohner

zählet man hier fünf und mehr Sklaven, und die vornehmsten Personen am Cap haben deren oft zwanzig bis dreiszig . . ." (I 75).

Dit is duidelik hoe onder sulke omstandighede groeppvorming begunstig is, d.w.s. dat meer as een landgenoot by mekaar kan uitkom, en dan sal hulle onderling waarskynlik aan hulle eie taal die voorkeur gee. As hulle nog in die meerderheid is of die toon aangee, kan ander hulle taal moontlik nog aanleer.

Let ons nou op die groepe, dan is die vernaamste en grootste die slawe wat hier in lyfeienskap gebore en getoë is. Ons verneem dat hulle in die reël besonder geheg was aan die kring van die meester en op hulle beurt in hoë waarde gehou is en dikwels testamentêr gedenk is. Hulle het so te sê tot die familie behoort. Hierdie verhouding het baie reisigers se verwondering gewek en een van hulle sê dat aan die Kaap „even slavery wore a smile" (De Kock 68). Dit lyk my of ons op grond van ons waarnemings van vroeër moet aanneem dat die meerderheid van hulle reeds 'n vorm van Slawe-Hollands as moedertaal gepraat het, net soos dit vermoedelik ook die geval met die meeste vryswartes van die tyd was.

Hierteenoor staan die kleiner groep. Hulle is diegene wat van elders vandaan ingevoer is en nog die herinnering aan die lotosblomme van die vaderland bewaar. Party is in Madagaskar gehaal; die byna tradisionele handel met hierdie eiland is immers die hele tyd volgehou, hoewel kompetisie met die Engelse en Franse handelaars dit nie meer lonend gemaak het nie, veral teen die laaste kwart van die eeu. 'n Klein klompie kom van die Ooskus van Afrika vandaan (Mosambiek en Zanzibar) en die res is afkomstig van die Oos-Indiese gebiede.

Dit sal onthou word dat die laasgenoemdes van ongeveer 1730 af fluks aan die toeneem was en graag aangekoop is, vernaamlik omdat hulle handig was met allerlei kunstige ambagte en beroepe. Ook in die tydperk sedert 1750 is hulle blykbaar besonder gesog. Theal vertel dat skeepsoffisiere en private persone die Oosterse slawe beskou het as „the most profitable article

in which they could carry on a small trade and brought so many from India that the government became apprehensive" (II 77), om watter rede die regering stappe gedoen het om die handel te verbied. Offisiere en ander van sowel Nederlandse as Engelse, Franse en Deense Oosindiëvaarders het aan die voordelige handelstransaksies deelgeneem. By al die voortrefflikhede wat hierdie kundige slawe besit het, was daar ook minder gerustellende trekke soos die vermoë van party om te goël en te toor (*doepa* en *paljas* is Afrikaanse leenwoorde uit Maleis) en die neiging om amok te maak (voorbeeld by De Kock 195-6); daarby was sommige haatdraend (*sieal*) en ongesegbaar, sodat die plakkaat van 1767 wat alle invoer uit die Ooste belet op straffe van boete en verbeurdverklaring, na hulle verwys as „die gevaarlijke creaturen." Dit hoef niks af te doen aan hulle goeie eienskappe nie. Hulle het trouens altyd opgeval, des te meer weens hulle hoër intelligensie, hulle liefde vir musiek en kuns en hulle bekwaamheid as messelaars, kleremakers, koks e.d.

Ons is oningelig oor hoeveel van hulle ingevoer is, tog kon dit geen geringe aantal gewees het nie. Hulle het net so min 'n taalkundige as 'n godsdienstige eenheid gevorm. Die meeste van hulle was Mohammedaans, geheg aan hulle godsdienst wat hulle steeds as kosbare besit probeer bewaar het. In Batavia, sê Cook oor sy eerste reis (1769-71), word hierdie gelowiges almal „begrepen onder den algemenen naam van *Orangslam* of *Isalam*, dat is, aanhangers van 't ware geloof . . ." (332). Ons naam *Slamse* is waarskynlik nie hier ontstaan nie, soos Mansvelt skyn te meen en deur WNT s.v. *Islam* nagesê; *Slamse mense* vertaal *Orangslam* ook letterlik. Die slawe uit Voor-Indië was Brahmane. Die Oosterse slawe kon gewoonlik met Maleis of 'n vorm van Portugees oor die weg kom, hoewel daar ook diegene onder hulle was wat nie een hiervan kon praat nie. „Even in 1767 certain slaves were still obliged to communicate by means of signs and peculiar noises, as not a soul in the colony knew their language . . . Few of them were so fortunate

as Aje of Clompong who could converse in eleven tongues . . ." (De Kock 52).

Prof. Cruse het 'n deursneebeeld probeer verkry deur na te gaan waarvandaan die *vrygestelde slawe* kom, want in hulle geval word die herkomsoord telkens aangegee. Tussen 1715 en 1793 word in die rekweste aansoek om die vrystelling van 893 slawe gedoen, 290 van hulle buite die Kolonie gebore, d.w.s. ingevoer. Op slegs 15 na wat uit Madagaskar (11) en die ooskus van Afrika kom, is *almal uit die Ooste*. Van die 275 kom uit die Indiese Argipel 140 (Batavia 37, Macassar 34, Boegis 29, Bali 12, Timor 5, Ternaten 4, Ambon 3, vier ander plekke 2 elk en 8 plekke een elk); uit Voor-Indië kom 106 (Bengalen lewer 71, Koromandel 11, Malabar en Mandaar 7 elk en ses ander plekke tussen 1 en 3 elk); Ceylon lewer 26 en die Filippyne 3. Ook die slawe wat in die plek van vrygesteldes gegee is, kom uit die Ooste (vergelyk *Die opheffing van die Kleurlingbevolking* 251—273). Reken ons Ceylon by Voor-Indië (soos dit taalkundig trouens moet), dan is die interessante dat die Maleis-sprekende slawe van die Argipel en die veral Baster-Portugeessprekendes van die orige gebied numeries naastenby ewe sterk was.

As die deursnee ook van *al* die aanwinste gedurende hierdie tydvak verteenwoordigend is, dan wil dit tog seker sê dat die oorweldigende meerderheid van ingevoerde slawe *nou* uit die Ooste vandaan kom. In dié opsig het daar dus 'n aanmerklike verandering in die samestelling van die slawebevolking ingetree, en in ag nemende die vroeër genoemde moontlikhede wat groeppvorming begunstig het, sou die twee sterk entiteite Maleis- en Baster-Portugeessprekendes onderling hulle eie taalvorme kon gebruik het nie alleen nie, maar ook ander in die geleentheid gestel het en dikwels selfs onder die verpligting gebring het om die twee taalvorme aan te leer. Dit sou des te meer die geval gewees het omdat baie van die nuwelinge nog geen kennis van Slawe-Hollands gehad het nie, en slawe-eienaars weer nie dikwels hulle tale geken het nie.

Dr. Franken se ondersoek van die hofsake tussen 1750 en 1772 werp hierop heelwat lig (*Die Huisgenoot* 27 Junie en 18 Julie 1930). 'n Tagtig slawe en bandiete het hulle by die verhoor van Maleis bedien, 'n veertig van Portugees, drie van Madagassies, twee van Boeginees en twee van Boeginees en Maleis, een het Malabaars gepraat en een Maleis en Portugees. Die kennis van Nederlands blyk daaruit dat sestig geen vertalings nodig gehad het nie en vier en vyf by Nederlands onderskeidelik Maleis en Portugees gebesig het. Soms word uitdruklik gesê dat die slaaf geen „Duits” verstaan nie, bv. in 'n saak uit 1753, 'n ander in 1757, 1762, 1764, 1765, 1769; in 1765 was 'n slaaf wat „heel gebroken Duits konde spreken.” Aan die ander kant word vermeld dat 'n seker burger geen Maleis kon begryp nie (1753), of ander geen Portugees nie (1757, 1758, ook twee kinders, een van hulle 15 jaar oud, in 1760). Ook 'n huisvrou verklaar in 1764 dat sy geen Maleis magtig is nie, terwyl 'n ander meedeel hoedat sy haar opdragte in gebrekkige Maleis en Portugees (waarskynlik die mengtaal) probeer gee het (1764). Wat die slawe onderling betref, verklaar 'n Malagas in 1759 dat hy geen Maleis begryp nie en 'n ander van wie die nasionaliteit nie aangegee word nie, vertel dieselfde in 1765. Interessant is die geval van voorleser Witse Botes van Swartland wat gedurende sy veertienjarige verblyf hier nog geen Portugees geleer het nie, sy seuns daarenteen wel, waarvan die oudste nog in Nederland gebore is (saak van 1758). In al die gevalle waar die betrokkenes mekaar nie kon verstaan het nie, is die hulp van 'n tussenpersoon ingeroep, meestal 'n ander slaaf. As die burgerraadslede die tale nie verstaan nie, het as tolke opgetree 'n kolonis, 'n klerk, 'n mandoor, 'n slaaf, 'n vryswart of 'n tronkbediende. Dit lyk amper of ons hier die toestand van 'n botsing het waarna prof. Hesseling op soek was, veral as dit gesien word volgens die indruk wat die toestande op 'n besoekster soos mevr. Kindersley gemaak het toe sy in 1765 aan die Kaap was. Sy beweer dat *al* die slawe oorspronklik uit die Ooste kom. „What makes it extremely comfort-

able is that most of them speak English; French is likewise spoken by many . . . What seems extraordinary is that they do not learn to talk Dutch but the Dutch people learn their dialect, which is called Portuguese, and is a corruption of that language . . .” Dit is duidelik dat die Ooste vir haar net Voor-Indië beteken waar die Franse en Engelse nog om die opperheerskappy veg, en die oordrywings aan die een kant en die eensydigheid aan die ander kant by haar bewerings val sterk op, „gevolg van die sug om te generaliseer op grond van enkele gevalle,” soos prof. Bosman (60) sê, by wie die aanhaling ook voorkom.

Ek maak my die volgende voorstelling van sake: Die grootste gros van die onvryes het ’n vorm van Slawe-Hollands gepraat — dit het al tradisie geword en vir baie van hulle wat reeds twee of meer geslagte hier is, het dit ongetwyfeld ook die moedertaal geword: dit is trouens die gewone verskynsel orals in die wêreld. Die jonger aanwinste weer kom nou hoofsaaklik uit die Ooste en praat in die reël of Maleis en/of Baster-Portugees of Maleis-Portugees. Nie net versterk hulle die invloed van die Oosterlinge wat vroeër aangevoer is nie (bv. om woorde te laat ingang vind), maar hulle hooftale word ’n mag en sowel blankes as Hottentotte bevind hulle soms in die toestand om dit te leer brabbel. Van 1767 af word aan die openlike toename paal en perk gestel en van 1807 af word alle invoer, insluitende uit Madagaskar, finaal stop gesit. Die verdeelde groepe van Maleis- en ’n vorm van Portugees-sprekende slawe, nog steeds in die groot minderheid, vind dit hundersyds voordelig en gerade om Slawe-Hollands te leer, en doen dit ook blykbaar (anders kan die grootskaalse verafrikaansing van die Slamse vroeg in die negentiende eeu nie begryp word nie (vgl. I. D. du Plessis: *Die Bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse Volkslied* (1935) bl. 9). In hierdie humane halfeeu voor 1800 word baie vry verklaar, en daarvoor moes hulle Nederlands ken; maar selfs al word hulle nie vry nie, het kennis van die blankes se hooftaal status verleen, die uiterlike teken waarvan is dat so ’n

slaaf 'n hoed mog dra (De Kock 49). Alles het meege-
werk om die Oosterse tale op die agtergrond te laat raak.

Bring ons dit nou in verband met ons hooftema, die wysiging van Nederlands tot die plaaslike taalvorm van die blankes, dan vra ons: watter invloed het van die slawe se Oosterse tale op die kolonistetaal uitgegaan? Dit is die afdeling wat tot dusver nog die beste ondersoek is. Proff. D. C. Hesseling en P. J. du Toit het wat die leksikografie betref 'n groot 120 woorde aangewys, maar proff. D. B. Bosman en S. P. E. Boshoff se bevinding is dat die meeste hiervan reeds voor 1652 in (Koloniaal-) Nederlands bekend was en as erfgoed te beoordeel is. Dan het die aanwesigheid van die Oosterse slawe net bygedra om sulke erf-lenings bestendig te maak soos o.m. in die volgende gevalle (Bosman 71): *atjar* (M), *baadjie* (M), *baklei* (M), *baar* (M), *baljaar* (P), *bamboes* (M), *basaar* (M), *borrie* (M), *(di)spens* (P), *gooiing* (M), *kapater* (P), *katel* (M), *kerrie* (I), *klapper* (M), *koelie* (M), *kraal* (P), *lemoen* (M), *mielie* (P), *oorlams* (M), *sambreel* (P), *soebat* (M), *tjap* (M), almal veelgebruikte woorde wat reeds in die vroeë seemanstaal voorkom, party daarvan ontleen aan Portugees, ander weer Indies van oorsprong (aangedui met P en M onderskeidelik). Dat Nederlands aan die Kaap dikwels die Oosterse woord gekies het en nie die een wat in die vaderland die algemeenste was nie (vgl. *baadjie-jas*; *baklei-vechten*; *lemoen-sinaasappel*, veroud. *orange-appel*; *mielie-mais*, ens.,) bied 'n reeks probleme wat by elke woord afsonderlik nagegaan moet word; elkeen vertel sy eie geskiedenis en dikwels 'n brokstuk kultuurgeskiedenis; heel in die algemeen egter tel oorwegings mee soos die feit dat die eerste vryburgers as bereisde oud-soldate en -matrose party begrippe as eerder Oosters aangevoel en dus benoem het, en die bymenging van slawe uit die Ooste het daar steun aan verleen. Ons *soetlemoen* stem bv. letterlik ooreen met Maleis *limau manis* en dan is die weg oop vir ons *suur-lemoen*; *limau* is daar, net soos *pisang*, die generiese naam, en Hesse verseker ons dat die Javaanse lemoen die van Europa ver oortref. Die woord *baar* (uit (*orang*))

bebaroe of *baroe datang*), 'n mens wat pas aangekom het, 'n nuweling of groentjie) lewe in hierdie periode blykbaar nog soos al in 1686 (Hesseling 82), voort as *baars*, met die adverbiale suffiks *-s* (vgl. *oorlams* uit *orang lama*, 'n ou, ingewyde persoon). So sê mevr. Cruger van die Roggeveld in 1764 dat „meerm. Slaaff August nog seer Baars en onbedreeven geweest was” (*Die Huisgenoot*, 18 Julie 1930), en in 1803 lees ons nog in Janssen se landreis van 'n „nieuwe slavejongen, die men hier volgens de zeeterm baars noemd . . .” (RZA IV 184).

Prof. Bosman noem 'n tweede groep woorde wat *vermoedelik* ook nie in die eerste plek via die slawe gekom het nie, maar wel via die vroeë seemanstaal en voorlopig as oorgeërf te beskou is: *blatjang* (M); *bobotie* (M); *doepa* (M); *kaaiman* (P); *kapok* (M); *katjiepiering* (M); *koejawel* (M); *noi* (P); *nonna* (P); *piekel* (M); *piering* (M); *sosatie* (M); (Bosman 71), en nog 'n stuk of vyf. Die derde groep bevat die woorde wat met sekerheid as ontleninge aan die slawetale kan toegeskryf word, soos **amok* (M); **baie* (M); *bredie* (P); *doerias* (M); **harba* (P); **kondee* (M); **maskie* (P); *paljas* (M); **ramkie* (P); *sammejoa* (M); **tabeetjies* (M); *tamaai* (P); *tasal* (P); *tjalie* (P); **tronk* (P); en nog 'n tien of so. Vroeër was die aantal heelwat groter en die bekendheid daarvan ook (vgl. die lys wat ds. H. V. C. Leibbrandt van sulke woorde gee „die alle dagen in de stad en omstreken gehoord” word, opgeneem in *Het Volksblad* van 1 en 11 Julie 1882), maar die meeste van hulle het in onbruik geraak, selfs in Slamse kringe (I. D. du Plessis: *Bydrae* 11-13), of is slegs in beperkte kring bekend. Een rede vir die verdwyning lê in die aard van die woorde: hulle is byna almal selfstandige naamwoorde met 'n tegniese of gedeeltelik tegniese toepassing, bv. by name van Indiese geregte, plante, gebruike of aangeleent-hede. Sulke ontleninge getuig nooit van diepgaande invloed nie, en selfs waar *gevangenis* deur *tronk* verdring word, lyk die rede voor die hand liggend. Daar is egter 'n belangrike uitsondering, naamlik *baie* (Maleis *banjak*, met 'n sagte *k*), wat die voordeel skyn te hê dat dit die

funksie van byvoeglike naamwoord en bywoord in hom verenig en dus met woorde kompeteer soos *veel* (*vele*), *menig*(*e*) e.a. aan die een kant en *zeer*, *erg*, *beel* e.d. aan die ander kant. Die oudste dokumentasie daarvan tot dusver is 1769 toe ene mevrou Meyer uit Swellendam-distrik vra: „Neef Piet, hebjeij al banje ossen . . .” (*Taalargief* III 33), en elf jaar later (1780) moet Oud-Heemraad W. Morkel erken dat die koring wat aan die Kompanjie verkoop is *seer vuil* is, „of soo het door sommigen alhier (Kaapstad?) uitgedrukt, banje vuil” (ald. 33). In 1785 neem ’n Hottentot uit Swellendam se wêreld die woord in die mond: „banje vee en paarden . . .” en ons baar Boesmanmeidjie van 1803 verklaar „volmondig” „dat zy het zeer slegt had, en banjer slaag kreeg” (RZA IV 185). Die woord word dus in hierdie periode orals in die land gehoor en moes reeds algemeen in gebruik gewees het, onder die blankes ewe goed as onder ander — sonder dat ons nog weet met watter gevoelswaarde, al meen ek dat dit nog as plat moes gegeld het. Vir die woorde uit groep drie wat met ’n sterretjie gemerk is, het ons bewysplase uit hierdie of ’n vroeër periode, volgens die studies van Hesseling, Bosman, Boshoff, Franken en Van Oordt; in die geval van die ongestertes het ons die tydperk blykbaar vooruitgehoop. Tog is die waarskynlikheid groot dat hulle teen 1800 almal in omloop was, altans binne sekere kringe.

Hoewel die aanraking met die Indiese taalvorme eens op ’n keer selfs enige honderde leenwoorde tot gevolg kon gehad het, is die getal wat werklik leefbaarheid getoon en algemeen geword het, d.w.s. as deel van die bruikbare taalskat ingelyf is, uiters gering. Maar naas hierdie op die duur geringe regstreekse inwerking is daar die invloed wat van die slawe se vorm van Nederlands kon uitgegaan het.

Die moeilikheid is dat ons van daardie kromtaal geen nuwe voorbeelde gekry het nie: as die klerk van die hof aantekeninge oor die aangeklaagdes se sondes maak, laat hy die taalsondes weg. Ons verneem wel dat party geen vertolking nodig gehad het nie of dat ander

„Duits” goed kon praat, en daarnaas was diegene wat dit nie verstaan het nie of net gebrekkig geken het. Daar bestaan egter geen rede dat dit destyds veel anders as onder soortgelyke omstandighede vandag sou gewees het nie. Die baar volk het gesukkel en soms noodgedwonge gearbeid, die oorlamse volk — in die volstrekte meerderheid — het hulle eie vorm vlot gepraat, ditsy as nuwe moedertaal, ditsy as geleentheidstaal. Ons kan dit Kreools-Nederlands noem, mits ons die term so begryp dat dit as versamelnaam kan dien vir die Nederlandse taalvorme van die slawe, die vryswartes, die makgemaakte Hottentotte en Basterds, maar dat binne hierdie eenheid ruimte vir spesifieke eienaardighede van elke groep oorbly.

Al is daar geen toereikende skriftelike oorlewerings in hierdie tydvak aan my bekend nie, waag ek ’n paar vlugtige afleidings. Die Kreools-Nederlands van die slawe het seker in die uitspraak en artikulasie ’n grondslag gelê gehad wat in die gebruik voortgeplant is soos ons dit nog vandag ken en in ’n sin reeds ken sedert die Kategismus van 1869, gedruk in 1877 (vgl. A. van Selms *Arabies-Afrikaanse Studies I*). Dan sou kenmerke gewees het die affrikate *dj* (vir *j*, bv. *djaar* vir *jaar*) en *tj* (as verkleiningsuitgang); die versagting en verdwyning van *r* in sekere posisies of by assimilasie; die soms geslote uitspraak van *e*, *o* en *ooi* as *ie*, *oe* en *oei* resp., die neiging om met die duidelike *a* te vokaliseer by opeenhoping van konsonante of by die neutrale *e*-klank in onbetoonde lettergrepe (uit Selms bv. *ghabelaas* vir *geblaas*; *gehabigharaawe* vir *begrawe*; *salaap*; *tarampitir*; *twenetagh* vir *twintig*); *ei*, *ui* en *y* as (*a*)*ai* (uit Selms: *mais*; *ait koem*; *bai*). Sulke kenmerkende eienskappe van die slawetaal is natuurlik as plat gewaardeer en daarom uit die beskaafde taal van die blankes gewe. Tog bly daar aspekte oor wat ’n nadere ondersoek regverdig. Immers, ’n mens vra jou af waarom die latere Bolandse Afrikaans hiermee raakpunte vertoon in *afwyking van* wat in die Onderveld en dieper landwaarts in gebruiklik geword het waar die norme nie of nie sterk onder die

slawe-invloed onderhewig was nie. Moet ons, om net drie voorbeelde te noem, *Boesman*, *hartbees-buisie* en (*kaal*)*baai-vlakte*, elkeen as verteenwoordiger van 'n tipe, nie teen hierdie agtergrond sien nie?

Om oor die vormleer en sinsbou van die slawe se Kreools voor 1800 te spekuleer, is te gevaarlik. Ek maak alleen daarop attent dat *vir* voor eiename en by besielde wesens in die voorwerpsposisie normaal is in die genoemde *Kategismus*, en vermoedelik reeds voor 1800 ewe kenmerkend opgetree het. Ek herinner ook daaraan dat die vorm van Maleis wat as lingua franca in die Ooste gebruik was, „nicht decliniert oder conjugiert” is nie (Bütner), en *vir* wat dit werd is, gee ek hier nog 'n aanhaling uit sir Frank A. Swettenham: *Vocabulary of the English and Malay Languages* (Shanghai, 8e dr., 1909): „Verbs formed by prefixing the particle *ber* to the radical, may be used in either the present, imperfect or perfect tenses, and there is no alteration in the different persons of the verb, the personal pronoun being sufficient to carry the sense . . .” (bl. xvii). In hoever die slawe hulle vorm van Nederlands hierop geskoei het, weet ons nie, al het ons vermoedens dat die Oosterse tale in baie opsigte deurgewerk het. En indien wel, dan is die vraag nog of hierdie taalvorm invloed op die taalgebruik van die blankes sou gehad het. Prof. J. J. Smith het hom heel duidelik hieroor uitgespreek waar hy o.m. beweer: „Dit is ten enen male teen alle taalervaring dat 'n heersende klas sy taal onder die invloed van die spraak van sy onderhoriges verbaster” (*Die Suiderstem* 28 Jan. 1939). Prof. Bosman is egter meer gewillig om 'n paar gevalle as kreolismes te aanvaar (*Ontstaan* 79-98). Prof. J. J. le Roux was ook van oordeel dat die subtieler invloed van die slawe-Hollands veel groter was as wat gewoonlik toegegee word. Omdat ons in hierdie periode nog geen bewysplase van die verskynsels het nie, laatekditvoorlopig daar.

(b). *Die Hottentotte*. In hierdie halfeeu het die prosesse wat reeds aan die gang was, hulle grootste vaart gekry. Dit is miskien die noodlotswaarste tydperk in die geskie-

denis van die Hottentotte as volk. Verarming, verhuising en ontstamming (of ontkraling, d.w.s. verbrokkeling van die sosiale struktuur) het grootse afmetings aangeneem; in sommige gevalle het die „Groot Trekke” uitredding gebring, soos met die Namas; in ander het dit tot uiteindelijke ondergang gelei. Daarby het die pokkiesepidemie van 1755 verwoesting gesaai, die ergste onder die Hottentotte.

Die Hottentotte het òf bly padgee na die randgebiede toe (oos- en noordwaarts), òf die wat die vleespotte verkies het en agtergebly het, het hulle aan die Onderveldse koloniste as werfvolk of veewagters verhuur.

Laat ons eers kyk na die groepe wat sonop se kant toe gewoon het. Beutler het in 1752 ooswaarts gereis en gevind dat verskillende stamme nie meer in hulle ou tuistes was nie, soos die Attakwas (nie meer in die buurt van Attakwaskloof nie); ander was ontstam en „wisten niet te seggen van wat natie se waaren sij noemden haar alleen na de rivieren waarbij deselve woonden en ook wel somtyds lands hottentotten” (*Belangrijke Historische Dokumenten* II 34). Hulle is nou arm as gevolg van die Boesmanrowerye, oorloë onderling en teen die Kaffers (ald. 34-5). Sparrman het naby Swellendam die eerste klein krale aangetref (onder Rondganger as kaptein) en Thunberg vertel: „Those we visited now (na hulle vertrek van Attakwaskloof) . . . lived mostly at a greater distance from the Europeans, had sometimes villages and families of their own and presented them to us more and more in a state of nature” (I 173). Selfs so moes hulle ’n klein minderheid uitgemaak het, want goewerneur Van Plettenberg berig ons ses jaar later die volgende: „Men had verwacht in dit verre afgelegene Camdebo’s veld of daarom streeks te zullen aantreffen eenige Hottentots kralen, daar die Natie op zig zelfs nog hare eerste zeden en gewoontens zouden onderhouden; dog dewijl in dit gantsche veld geene ander Hottentotten meer te vinden waren, als de geene die zig reeds zedert eenige Jaaren by de Colonisten hadden verhuurt en met geheele Familien onder dezelve ter woon waren gekomen

zo vond men dezelve van hare eerste grond zeden en gewoontens geheel vervreemd, en men konde bij dit dom en onwetend nakroost daar van niets ontdekken of te naspeuren . . ." (Theal: *Belangrijke Hist. Dok.* I 11). Anders as Beutler het Van Plettenberg nie meer Hottentotte aangetref in Outenikwasland nie „welke Landstreek dien Naam voert na de Hottentotten die ouds Tyds dezelve bewoonden en Houteniqua of zakkedragers genaamd wierden" (I 34).

Uit hierdie omstandighede het teen die einde van die eeu 'n lastige toestand ontwikkel: die van die rondswerwende en dikwels veerowende Hottentotte. Die werwing van pandoers onder die bestuur van generaal Dundas het nie in die smaak van die burgers geval nie en hulle huisvesting in die kerkgebou in Graaff-Reinet het die gevoelens aangeblaas. Om die rondlopery en wat daarmee saamhang onder bedwang te hou, is wette uitgevaardig, en les bes, van 1792 af het die Hernhutters hulle sendingwerk te Genadendal hervat en o.a. die Hottentotte van Swellendam geleer om die so gewilde jagmesse te vervaardig, die *Herneutermesse* (uit *Hernbutter*); in 1799 kry die Morawiërs steun van die Londense Sendinggenootskap wat sy werksaamhede hierheen uitbrei. Na 'n mislukte poging onder die Xhosas, versamel dr. Van der Kemp enige honderde Hottentotte om hom in sy sendinglokasie op die Swartkopsrivier. Die medium wat by al die evangelisasiewerk gebruik word, is Nederlands (of wat daarvoor deurgaen).

Nou 'n woord oor die Hottentotte aan die Noordweste — hulle het na die onrustige trekke buitekant die eintlike gebied van die Kolonie gelê en is dus voorlopig nie van betekenis vir die ontwikkeling van Afrikaans nie (later wel). Die uitbreiding van die blankes in noordwestwaartse rigting is deur die armoede van die semi-woestyn-toestande teengehou, maar die Hottentotte en Boesmans het hulle nie laat keer nie. Verder was die onherbergzaamheid van die streke juis net wat die gedroste slawe en die blanke deserteurs nodig gehad het om hulle hier te kon skuil hou, en hier het deur bymenging van die Hottentot-

elemente die sogenoemde Basters ontstaan (Gie II 87). „Sommige van hierdie groepe, soos bv. die Namakwas, die Korannas en die Griekwas was min of meer direkte voortsettings van die ou bekende Hottentotstamme; maar in almal, veral onder die twee laasgenoemde stamme, was die basterelemente sterk verteenwoordig” (Gie II 87).

In hierdie gebied het groot beroeringe geheers. Jacobus Coetsé, 'n uitstekende kenner van Hottentots maar nie van die skryfkuns nie (hy teken sy naam met 'n kruisie), berig na aanleiding van sy reis in 1761 dat die Groot-Namakwas al die afgelope twintig jaar benoorde die Oranjerivier woon, die Enikwas of Riviervolk ten ooste van hulle en die Klein-Namakwas die laaste vyf jaar aan die Buffelsrivier na hulle trek noordwaarts, (VRV XV 280-8), 'n trekkoers wat volgehou is, omdat Wikar in 1779 vertel dat hulle die landgebied ten suide van die Oranjerivier beset. Hy het op Gu-daos of Skaapdrif (nou ook Goodhouse) by hulle uitgekom en hy beskryf die verskillende stamme al langs die Grootrivier. Onderkant die Klein-Namakwas was Adam Kok se destyds nog swak klompie volgelinge, verenig tot die Griekwabendes, en die Korannas was al aan die trek na die Middel-Oranjegebied. Oor die vorme van Nederlands wat die Griekwas, die Basters en die Oorlams-Hottentotte of Oorlamme, soos hulle genoem is, gepraat het, kry ons in die neëntiende eeu heelwat inligting.

Maar ons moet ons veral bepaal by die Hottentotte in die Kolonie, want dit is met hulle dat die Boere in voortdurende aanraking was. Die oorgroot meerderheid het in die Kolonie agtergebly (Walker 100), en hulle aantal is in 1798 op 15,000 geskat, waarvan 14,000 in Swellendam en Graaff-Reinet gewoon het (Gie II 13). Dit wil dus sê dat die Hottentotte in die Ooste saamgetrek was, soos die slawe in die Weste. Die invloed van die Hottentotte sal dus die sterkste wees op die veeboerestand van wie hulle ekonomies afhanklik geword het, vir wie hulle dien en onder wie hulle meestal as los, ontstamde gesinne gaan woon het.

Soos reeds in die eerste helfte van die eeu het dit ook nou gebeur dat party Boere die Hottentotte se taal aangeleer het waar die omstandighede dit begunstig het, veral voor ongeveer 1780. Ons hoor nou herhaaldelik van burgers by naam wat dit goed magtig was, soos J. Coetsé; Thunberg het lof vir P. Frere (Ferreira; vgl. II 56), Paterson vir kapt. Gordon (bl. 4), ensovoorts, en die mense van Rietvlei, vertel Sparrman, „even taught us, and made us practise speaking the Hottentot language” (I 227). Hy praat ook van „several Dutch families, that had spoken the Hottentot language from their infancy, as well as their own” (I 207), en sê oor die buitenste grensdistrikte „Farther up the country, where they have no other servants than Hottentots, the children of the Christians frequently learn the Hottentot language more easily, and before they do the Dutch. The same thing happens with regard to the Malay tongue in those places, where they make use of slaves, and especially of nurses, of that nation” (I 228).

Kennis van Hottentots het dus toegeneem, en hoewel die uitspraak moeilik gebly het („the clacking . . . renders it almost impossible for the Europeans to speak (it) properly,” Thunberg II 72), het selfs reisigers probeer om ’n paar noodwoordjies vir besondere geleenthede baas te raak, waarvan bv. Thunberg, Sparrman en Le Vaillant ons lyste nagelaat het; laasgenoemde het egter veel intiemer kennis daarvan gehad.

Vir die omgang met die Hottentotte in Swellendam en Graaff-Reinet was die belangrikste medium egter hulle vorm van Nederlands; en die mak Hottentotte het onder mekaar, veral van 1780 af, ook hierdie Kreoolse vorm bo hulle eie taal verkies, sodat die sendelinge in Genadendal en elders, net soos George Schmidt ’n halfeeu vroeër, vir hulle in hulle evangelisasiewerk gewoonlik (maar nie alleen nie) van Nederlands bedien het. Die Hottentotte was maar van altyd af die beste tweetalig en het, soos in sulke gevalle orals in die wêreld nie ongewoon nie, maklik van hulle eie taal leer afstand doen. Teen 1800 het blykbaar almal Kreools-Nederlands reeds aangeneem.

Dr. H. Lichtenstein was tussen 1803-6, „alle meine Reisen zusammen gerechnet, beinahe zwei Jahre im Inneren der Capcolonie und unter den benachbarten Wilden,“ en sprekende oor sy bevindings uit 'n tydstip net na afsluiting van ons periode maar ongetwyfeld nog van toepassing daarop, sê hierdie wetenskaplike aangaande die verblyf van die Hottentotte onder die blankes o.a. „Eine natürliche Folge . . . ist die Vertauschung ihrer eigenen armen Sprache mit der gebildetern ihrer weissen Nachbarn. Wenig Hottentotten, die in der Colonie geboren sind, wissen von ihr mehr, als ein Paar hängen gebliebene Idiotismen. *Alle* sprechen Holländisch. Nur gegen die Gränzen der Colonie findet man noch hin und wieder einen Hottentotten, der zu den seinigen in eigener Mundart redet, aber auch diese ist lange nicht mehr das ächte Hottentottische, sondern untermischt mit einer grossen Zahl Holländischer Worte und Phrasen . . . Die Sprache der Hottentotten ist also rein und unverfälscht nur bei den ausserhalb der Colonie frei und selbstständig lebenden Stämmen zu finden . . .” (uit Bertuch en Vater: *Allgemeines Archiv für Ethnografie und Linguistik*, Weimar 1808, bl. 245-6, art. *Bemerkungen über die Sprachen der südafrikanischen wilden Völkerstämme*).

Volgens hierdie voorstelling van sake moet ons besluit dat *die regstreekse invloed van Hottentots* op die koloniste se taal as geheel teen 1800 binne die Koloniëgrense ongeveer afgelepe was. Wel sal die proses in die Noordweste, in Korannaland en in Suidwes-Afrika nog voortgesit kan word, maar dit is dan beperk tot gebiede en het die karakter van dialektiese ontwikkelings. Daarom kan ons die Hottentotse invloed op die woordeskat nou samevattend gee, al ontbreek bewysplase uit hierdie periode soms nog. Vir die opsomming gebruik ek dr. Scholtz se studie *Uit die geskiedenis van die Naamgewing aan plante en diere in Afrikaans* en dr. Boshoff se lys in sy *Etimologiese Woordeboek*. Ondêr die inheemse plante wat die oorspronklike Hottentotse name behou het, is daar (afgesien van die reeds genoemdes soos *boegoe*; *dagga*; *kanna*; *koekemakranka*) o.m. *baro(e)*; *gatgai* (*tatgai*); *gbaap*;